Acc 85 Pg 35

# DIE VOLKSDIGTER -- A. G. VISSER

DEUR

W. W. KILPERT.

University of Cape Town

UNIVERSITY OF CAPE TOWN LIBRARY

SKRIPSIE AANGEBIED TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD M.A. IN NEDERLANDS EN AFRIKAANS AAN DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD.

OKTOBER 1938.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

# I N H O U D.


| Hoofstuk | | Bls. |
| --- | --- | --- |
| 1. | Inleiding : Lewe en Algemeen | 1 |
| 11. | Volkskuns : (a) Wat is Volkspoësie? | 9 |
| | (b) 'n Paar Volksdigters | 19 |
| 111. | Visser se Plek in die Afrikaanse Letterkunde | 30 |
| 1V. | Visser as Digter : | 41 |
| | (a) Liedjies, Vertalings, Natuurverse | 44 |
| | (b) Godsdienstige Verse | 52 |
| | (c) Vaderlandse Verse | 69 |
| | (d) Die luimige Visser | 86 |
| | (e) Kinderpoësie en Huislike Verse | 94 |
| | (f) Persoonlike Liriek | 108 |
| V. | Slotbeskouing | 126 |
| | Bibliografie | 129 |

# HOOFSTUK 1.

## I N L E I D I N G .

Vir elkeen van ons wat belangstel in die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse taal en letterkunde, is daar talle van belangrike gebeurtenisse wat helder omlyn in ons geheues vasgelê is. Hulle vorm dan ook die raamwerk waaraan ons die wordingsgeskiedenis van 'n eie taal en letterkunde kan vasknoop.

Ons dink aan daardie merkwaardige Saterdag, 6 April 1652, toe die Drommedaris met Jan van Riebeeck aan boord sy anker in Tafelbaai laat sak het. -- „ Die Europese beskawing op die voorraand van sy blywende intrek eindelik vas geanker aan die strand van Suid-Afrika, van waar dit nooit weer sou verdwyn nie ! " Dan word ons herinner aan die onstuimige jare vanaf 1834; die Groot Trek het 'n aanvang geneem en die beskawing word gedra tot ver in die binneland van Suid-Afrika. Ons dink aan die besluite van Lord Charles Somerset waardeur Engels as die enigste offisiële taal verklaar is en Hollands, of liewer Afrikaans, geheelenal versmoor word. En dan die ligpunt in ons taal- en literatuurgeskiedenis, ja, selfs ons volksgeskiedenis: die onvergeetlike en gedenkwaardige dag, 14 Augustus 1875 toe die Genootskap van Regte Afrikaners in die lewe geroep is. Verder die jaar 1904 toe ons Afrikaanse digkuns ingelui is met die verskyning van Eugène Marais se alombekende „ Winternag" in „Land en Volk". -- Ons Afrikaanse digkuns het 'n aanvang geneem; Celliers, Totius, Leipoldt, Langenhoven, Joubert, Visser, Malherbe, e.a. lewer poësie waardeur hul name sal voortleef in die Afrikaanse letterkunde

En dan kry ons steeds groeiende jong letterkunde sy eerste teenslag: Op 10 Junie 1929 eis die Dood sy eerste slagoffer uit die geledere van ons Afrikaanse digters -- Dr. A.G. Visser is dood ! Met weemoed dink ons terug aan diè veelbelowende jong digter wat in die bloei van sy lewe so wreed uit ons midde ontruk is. Hy was so onmisbaar vir ons volk en vir ons letterkunde, so veel kon hy nog presteer het. Tereg beweer Dr. Pienaar : „Hoe kort nog maar die dag-lemier van 'n eie ontluikende volkskuns -- en reeds staan ons in droewe gepeins geskaar rondom die graf van 'n te vroeg ontslape volksanger. Hoe klein nog maar die kring van begenadigde uitverkorenes wat die verlossing van ons volk aangekondig het uit geestelike slawerny, wat ons gemoed gestreel het deur die klank van eie taal, ons oë geopen het vir die skoonheid van eie natuur, ons volksideaal gesterk het vir 'n eie toekoms -- en reeds moet ons een van hulle mis.

Ja, dis waar -- die dood is uitsoekerig, want hier het hy uitgesoek onder die uitgesoektes. En hoe oorbluffend plotseling. Net een onkele nog tussen lag en lied en ....... die stilte van die dood. Daarom kan van Visser inderdaad gesê word dat sy son ondergegaan het terwyl dit, veral wat sy kuns-loopbaan betref, nog vroegdag was." *

Sedertdien moes ons ook ander van ons grootste digters en skrywers afgee -- Senator C.J.Langenhoven in 1932 en „ op 'n groue agtermiddag hierdie jaar (1936), kort voor die winter toe dit gereën het, is Eugene Nielen Marais onder die druipende lower van 'n afgedwaalde doringboom dood." **

---

* Die Nuwe Brandwag, Aug. 1929.

** Jaarboek van die Skrywerskring: 1936, bls. 9.

Hulle grootse taak in diens van ons letterkunde is voltooi en ons gun hulle die rus. So sak die „ ou klomp" dan stadigaan uit en hul plek word ingeneem deur lewenslustige jongeres wat voortbou op die pad wat deur hulle oopgekap en berei is.

Maar om terug te kom tot Dr. Visser. Sy lewensgeskiedenis is welbekend, en dit sal onnodig wees om breedvoerig daaroor uit te wei; slegs die belangrikste grepe uit sy skitterende loopbaan sal volledigheidshalwe aangestip word ten einde sy eie geaardheid dog ook sy literêre arbeid beter te begryp en te waardeer. „Ek is gebore 1 Maart 1878 op Zaaifontein in die distrik Fraserburg", skryf hy in 'n brief * aan Dr. E.C. Pienaar. „Weens die groot droogte van '77 moes my vader daarheen trek om veld te kry vir sy vee. Daar in die tuin onder 'n groot safraanpeerboom het oom Gert Visser my, na ek uit Europa terug was, die tentvloer gewys waar ek gebore is". In 1891 is hy na die Hugenote-Gedenkskool op Daljosafat gestuur om daar sy opvoeding te geniet. Hier het hy vir die eerste keer kennis gemaak met manne soos Totius en D.F. Malherbe -- toe nog behorende tot die skoolgaande jeug -- wat saam met hom op latere leeftyd aan die letterkundige horison sou uitblink. Na 'n skool- en Kollege-opleiding van slegs vyf jaar was hy gereed om 'n onderwysers-loopbaan te aanvaar. Juis op hierdie tydstip was die Hoofonderwyser van die Gedenkskool op verlof na Europa en Visser was gelukkig genoeg om die tydelike pos van assistent vir die ? maande aan sy ou Alma Mater te kon beklee. Dit was hoofsaaklik as gevolg van sy uitstekende prestasies as leerling dat die pos hom aangebied is. Met sy afskeid op 30 September 1896 is 'n adres ** as blyk van waardering aan hom oorhandig.

---

* Aangehaal in „Die Nuwe Brandwag ", Aug. 1929.

** Ter insage verkry van Mev. Dr.G.B.A. Gerdener, weduwee van Wyle Dr. A.G.Visser.

Dit gee ons 'n pragtige beeld van hierdie rasegte persoonlikheid wat in handel en wandel steeds sy beste gelewer het. Ons kan nie anders as om hieruit aan te haal nie. Dit is so 'n getroue voorstelling van wat hy reeds in sy jeugjare as mens en denker was : „...... en het is ons een genot te kunnen getuigen dat onze verwachting van u als onderwÿzer gegrond op uw loopbaan als leerling niet is beschaamd geworden.

Wÿ gevoelen ons trotsch er op dat de Gedenkschool reeds zulke vruchten gelewerd heeft, en wÿ danken uw hartelyk voor het goede dat gÿ gedurende uw kort verblÿf in ons midden gewrocht hebt door woord en voorbeeld.

Het is met leedwezen dat wÿ uw zien heengaan; zoo gaarne hadden wÿ uw langer in ons midden gehouden, daar wÿ de verzekering kunnen geven dat gÿ uw reeds een warme plaats in onze harten verworven hebt, door uwe vriendélykheid in den omgang, en bekwaanheid als onderwyzer."

Hoe waar het die woorde nie geword wat hom verder toegewens is nie : „De Here vergezelle u op uw verderen loopbaan en stelle u tot een zegen voor jong Zuid Afrika. Hÿ die u toegerust heeft met de nodige bekwaamheden voor uw werk, schenke u ook wysheid en lust om alzoo die alzoo te besteden dat al uw werk moge verstrekken tot zegen voor uw land en volk en tot eer van Hem van wien alle goede gaven komen, en buiten wien wÿ niets zÿn."

Hierna aanvaar hy agtereenvolgens die pos van assistent en hoofonderwyser aan die Carnarvon-Skool waar hy besonder ønvloedryke, vrugbare en genotvolle jare deurbring. Dit is hier dat hy hom ook vurig beywer het vir die ontwikkeling en bestendiging van Afrikaans soos blyk

uit 'n brief wat ons * van Dr. D.F. Malherbe ontvang het: „Dr. Visser en ek was meer as twee jaar saam op Carnarvon. In my stryd om Afrikaanse medium in 'n aantal vakke deur te voer, het hy my getrou bygestaan. Daar was hewige botsinge. Tog was sy aandeel nie in die openbaar nie omdat hy nie op die Skoolraad sitting gehad het nie." In die stilte en op eie houtjie het Visser dan ook seker veel meer gedoen vir ons taal en letterkunde as wat ons ooit sal weet of besef en sodoende het dié beskeie digter van die Suikerbosrand 'n groot diens bewys aan sy volk en vaderland -- 'n diens wat veel wyer strek as wat die omvang van viermdigbundeltjies ooit kan bepaal.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog kom dié vurige jong Afrikaner egter in die vaalwater by die Engelse owerheid en in September 1901 word hy verplig om die land te ontruim. Sy gewildheid onder sy kollegas sowel as leerlinge is nie aan te twyfel nie, en dit is met hartseer dat hulle van hom afskeid neem : „ We, the teachers and pupils of the Carnarvon Public School, wish hereby to express our deep regret that you are leaving us and our appreciation of your past services. We thank you most heartily for all you have done for us both as teachers and pupils. We would assure you that our best wishes accompany you, and hope that you will be as successful in your future profession, as you have proved yourself to be as our Principal."**

Maar nie alleen diegene verbonde aan die skool en in daaglikse aanraking met Dr. Visser het sy vertrek betreur nie. Hy was 'n populêre persoonlikheid in die samelewing van die hele distrik; deur almal is hy hoog geag en met ontsag behandel:

---

* In 'n brief aan my het Dr. Malherbe goedgunstiglik 'n paar van sy herinnerings aan Dr. Visser aangeteken.

** In besit van Mev. Gerdener.

„ As the time for your departure from our midst has arrived we, residing in the village of Carnarvon, beg to convey to you our sincere thanks for what you have done in the cause of education, during the period you have been engaged in the local Public School, as Headmaster as well as assistant We assure you that we highly appreciate what you have done for our children, and extremely regret that we have to loose your valuable services. Wishing you bon voyage, and every success in your studies." * Dr. A.G. Visser se rol as onderwyser was uitgespeel! Voortaan sal hy hom veral toelê op die Medisyne en met hierdie doel voor oë gaan hy Edinburgh, Skotland, om sy studies in dié rigting aldaar voort te sit en te voltooi. Van dié geleentheid het hy dan ook deeglik gebruik gemaak om in nouer aanraking met die lande, tale en volkere van Wes-Europa te kom -- iets wat op sy latere lewe, en veral op sy letterkundige werk, van groot invloed sou wees.

Met verlange is uitgesien na die dag wanneer hy hom as geneesheer weer in Suid-Afrika sal kom vestig. Soos sy vader eenkeer aan hom geskryf het : „ Die Twee.... dokters hier kan hul pryse nie hoog genoeg maak nie; ons arme mense smag na jou terugkoms." ** Na sy promosie keer hybterug na Suid-Afrika, vestig hom eers in Steytlerville en verhuis in 1916 na Heidelberg waar hy bly totdat die dood hom in 1929 so plotseling oorval. Van Dr. Visser se huislike lewe maak ons hier geen melding nie ; wanneer ons kom tot 'n bespreking van sy persoonlike liriek sal ons breedvoerig daarby stilstaan.

Hierdie inleiding tot 'n nader kennismaking met die Sanger van die Suikerbosrand wil ons afsluit met die tiperende en veelseggende waarde van sy ou vriend en

---

* In besit van Mev. Gerdener.

** Brief bewaar deur Mev. Gerdener.

kollega, Dr. D.F. Malherbe: „ Die kenmerke van sy siel was opgewektheid, blye aanvaarding van die lewe, geloof in die toekoms van sy volk, liefde vir Afrikaans wat hy ingedrink het reeds in die Gedenkskool, en 'n sterk sin vir humor," * soos dan ook sal blyk uit wat ons nog verder sal sê omtrent Dr. Visser as mens en digter.

---

* Uit die brief van Dr. Malherbe aan my.

# HOOFSTUK 2.

## V O L K S K U N S .

(a) Wat is Volkspoësie ?

(b) 'n Paar Volksdigters.

# VOLKSKUNS.

## (a) Wat is Volkspoësie ?

Dr. A.G. Visser is die Suid-Afrikaanse volksanger by uitnemendheid, en by 'n behandeling van sy werk en van sy betekenis vir ons letterkunde is dit dus wenslik, ja, selfs noodsaaklik om enige oomblikke stil te staan by 'n ontleding van die begrip „volkskuns", of meer direk „volkspoësie", daar ons onder die benaming „kuns" talle van vertakkinge kan tuisbring soos beeldhou-, bou-, musiek- en skilderkuns wat vir ons van geen belang is nie en dus buite berekening kan bly. Dit wil egter vir geen oomblik sê dat musiek en skilderkuns, byvoorbeeld, geen volkskuns kan wees nie. Inteendeel, dit is sommige van hierdie kunsvorme wat die allerduidelikste tó die volk spreek en waarin ons die suiwerste weergawe vind van die ware volksiel en volksgeaardheid. Maar ons bepaal ons hoofsaaklik by die letterkundige sy van dïe saak ( wat ook al weer sulke dinge soos sprokies, legendes, raaisels, spreekwoorde, ens. insluit) en laat die res agterweë. Dit is natuurlik vanselfsprekend dat wat ons op dié gebied sê ook in 'n groot mate sal geld vir alle uitingsvorme van volkskuns soos ons dit reeds aangedui het.

Volkspoësie, hoewel dan in sy mees primêre uiting is iets wat uit die oeroue tye dateer. En hoe het dit ontstaan ? Volgens Bücher : „?Niet op de steile hoogten der geheel ontwikkelde maatschappÿ is de bron der dichtkunst ontsprongen, maar wel is zÿ opgeweld, spontaan, onweerstaanbaar uit de diepten der zuivere en krachtig levende volksziel." *

---

* Poelhekke : „Woordkunst", 9de druk, bls. 79

Poësie is dus in wese iets wat oorspronklik te midde van die volk sy oorsprong gehad het. Wanneer ons nou teruggaan tot die allervroegste tye in 'n poging om die bron van hierdie kuns te ontdek, sal ons vind dat, volgens Böckel, in die KREET, die „unartikulierten Laute die den unvermittelten und ungetrübten Ausdrucks des Gefühls daarstellen, der Kern dessen liegt, was wir als Volks-gesang, Volksdichtung oder Volkslied bezeichnen." * Soos tereg opgemerk is, is poësie essensieel die uitvloeisel van die ritmiese bewegings van werklui ** -- dink maar aan die padmakers met hul talryke sinlose deuntjies wat geneurie word by die werk. Ons kan dus konstateer dat poësie in wese en in oorsprong suiwer volkskuns is; soos Schoonees en Van Bruggen dit uitdruk: „As ons die uiteenlopende spore van ons moderne verskuns terugvolg, kom ons eindelik op die dowwe voetpaadjie, wat ewe natuurlik en eg uit die siel van heel die volk hom slinger. Van massagevoel tot felbewoë smart- en liefdesuitinge van die indiwidu loop die spoor." ***

Voor ons nou verder gaan, sal ons onsself moet afvra wat wel in hierdie verband met „volk" bedoel en begryp word. Sluit dit elke lid van 'n hele nasie in; so nie. waar sal ons dan die grens stel ? Wanneer ons vandag van die Afrikaanse volk praat, sal ons wel seker elke Afrikaner daaronder tuisbring, maar in letterkundige sin het dit miskien 'n ietwat nouer betekenis. Ons is geneig om in die geval die intellektueel-ontwikkeldes as 'n soort van aparte, opper-groep te beskou en meer direk te dink aan die groot meerderheid van minder-gegoedes, die massa.

---

* Poelhekke: "Lyriek", bls. 43.

** Bücher, aangehaal in Boshoff: "Beskouinge en Feite," bls. 68.

*** Schoonees en Van Bruggen: "Inl.tot die Studie van Let. bls. 135.

In 'n sekere sin is dit ook juis, want dit is tog immers uit dié deel van die volk, in breë betekenis, dat volkspoësie, en uiteindelik alle poësie ontwikkel het. Maar nou moet ons ook versigtig wees om die begrip „massa" nie te streng of selfs verkeerd op te neem nie ; die massa sluit bv., ook die gepeupel in, die heel onderste klas van die maatskappy wat hoegenaamd geen kennis van die volkslied of volkslegendes dra nie. Slegs die allerlaagste en sekerlik ook geen verteenwoordigende deel van die volkskuns sal dus by dié seksie van die volk ingang vind nie.

'n Baie belangrike onderdeel van alle volkspoësie is die volkslied -- dit is inderdaad in 'n groot mate weens die singbare, die musikale element ook van ander poësie, dat dit as volkskuns bestempel word. Hier bedoel ons egter nie die nasionale lied nie, maar wel daardie bepaalde liedjies wat in die hart van heel die volk leef en voortbestaan. In wyere sin is alle poësie natuurlik nasionaal, dis die eiendom van heel die volk, maar ons wil hier, vereers altans, 'n sekere skeiding maak tussen nasionale kuns en volkskuns: eersgenoemde beskou ons as iets hoërs, iets verhewoners, dit is uitgesoek, terwyl laasgenoemde 'n veel wyer omgang het en ook die baie „straatliedjies" wat voortleef in die volksmond, insluit.

Maar laat ons die ontwikkeling van volkspoësie vanuit sy mees primitiewe staat, die kreet, kortliks nagaan. Poësie en musiek is sedert alle tye ten nouste verbonde aan mekaar. Ook die kreet word gekenmerk deur daardie musikale, ritmiese element, en al bestaan dit slegs uit een enkel woord, kan dit deur die ritmiese deining van klank en stem tot 'n liedjie op klein skaal groei. Hier herinner ons ons veral die eentonige dreun-deuntjie van

die pynappel-verkoper soos hy deur die strate van die Kaapse Skiereiland gaan om sy ware van die hand te sit. Die volgende word deur Poelhekke aangeteken: In die stilte van die nag staan Richard Wagner op 'n balkon in Venesië en kyk af op die donker waters van 'n groot kanaal. En skielik, „ aus dem lautlosesten schweizen erhob sich dann der mächtige rauhe Klageruf eines soeben auf seiner Barke erwachten Gondoliers, mit welchem dieser in wiederholten Absätzen in die Nacht hineinruf, bis aus weitester Ferne der gleiche Ruf dem nächlichen Kanal entlang antwortete." * Siedaar 'n ander voorbeeld van die kreet, van poësie in sy wordings-stadium.

Maar dan bly dit nie by die enkele woord alleen nie. Al gou word ander woorde toegevoeg en die volmaakte lied is gebore. Weer wil ons na Poelhekke verwys: Hy vertel van 'n Arabiese „gezang" wat tot lof van een of ander persoon aangehef word en 'n pragtige voorbeeld is van hoe 'n lied uit 'n kreet kan ontstaan. „Als dit gezang gezongen gaat worden, gaan een half dozÿn Arabieren in een kring staan en beginnen herhaaldelik het woord, hamude! hamude'te herhalen. Vervolgens zingt een van hen vÿf op zez woorden van lof. Nu wordt het, hamude' herhaald en daarbÿ in de handen geklapt. Een tweede zingt een andere regel om dezelfde of een andere man te prÿzen, en de laatste lettergreep rÿmt op de laatste van de vorige zanger........" *** So het daar vir alle geleenthede verskillende krete bestaan wat reeds 'n aanduiding is van die baie liedsoorte wat ons besit.

Uit wat ons gesê het, blyk dit dat die volkslied 'n voortbrengsel van heel die volk is -- „ die rasegte

---

* Poelhekke: „Lyriek", bls. 45.

** Poelhekke: „Lyriek", bls. 47.

volkslied is dus 'n massa-produk." * Wel seker sal talle van ons volksliedjies, piekniekliedjies, e.a., deur die volk self geskep wees, maar volkspoësie ( en hier wil ons daarop wys dat ons dit sinoniem met volkslied gebruik) soos dit byvoorbeeld in ons digkuns aangetref word, is tog immers geen massa-produk nie. Ons wil die verskil uitbring deur te se dat volkspoësie een van twee soorte kan wees: óf die werk van 'n enkeling soos ons dit dan by Visser aantref, óf die werk van die gemeenskap, wat per slot van rekening ook maar deur 'n man-uit-die-volk gedig is. Die verskil bestaan dan hoofsaaklik hierin dat in die een geval die digter bekend is, terwyl hy in die ander gewoonlik onbekend is en die skeppingsdaad dus aan die volk toegeskryf word. Eersgenoemde poësie sal van 'n veel hoër standaard wees, dit sal veel nader staan aan die verfynde kuns van die verstandelik-ontwikkeldes. Sal ons byvoorbeeld volksliedjies in die aller duidelikste betekenis van die woord, soos „Jan Pierewit", „Wat maak Oom Kalie daar?" „Pollie ons gaan Pêrel-toe," **ens., in dieselfde lig wil beskou as al Visser of Jan Celliers se poësie wat tog ook sonder aarseling as suiwer volkskuns bestempel word. Ons kan dus 'n duidelike skeidingslyn trek tussen die twee eindpunte van ons volkspoësie: aan die een kant die volkskuns van, ons kan byna sê, die straat, aan die ander kant die meer verfynde volkspoësie, poësie wat dus veel nader staan aan 'n definisie van ware kuns. Of volkspoësie soos dié van Visser, byvoorbeeld, nou werklike literêre kuns is, is moeilik om te sê, waarskynlik nie, maar dat dit dan wel 'n kuns op sigself is, kan ons sekerlik nie betwyfel nie.

---

* Schoonees en Van Bruggen: "Inl. tot die Studie van Letterkunde, bls. 136.

** Breedvoerige uiteensetting van die Afrikaanse volksliedjies vind ons in Schoonees en Van Bruggen: "Inl. tot die Studie van Letterkunde", bls. 136-142.

Wat is nou die kenmerke van die volkslied wat dit nou so'n ingewortelde deel in die lewe van elke volk maak ? In sy „ Woordkunst" gee Poelhekke ons een van die helderste en veelseggendste samevattinge van hierdie kunssoort, en hoewel hy hom hoofsaaklik tot die „massa-produk" bepaal, geld alle eienskappe wat hy hier aanstip ook vir volkspoësie in die algemeen: „Ontstaan als gelegenheidslied, tekst en melodie tegelÿkertÿd, heeft het een sterk, bewegelÿk rhythme, overheerscht de melodie den tekst, is het soms onbeholpen, slordig zelfs van taal, en wordt de stof met groote vrÿheid behandeld, ja geheel gewÿzigd. 't Is beknopt en gaat snel voort, met sprongen; détails worden verwaarloosd, tyd en plaats zelden vermeld, wie spreekt, wordt niet aangegeven. Haast zonder inleiding verplaatst het lied den hoorder ineens midden in de handeling. Rhetoriek kent het niet, want het is spontaan geboren. Wèl is het gevoelig, maar nooit ziekelÿk, integendeel gezond en krachtig. Aktueel in hooge mate, naïef en oprecht, ruw soms, vol humor, meelÿdend met allen, diep gevoelig voor de bekoring der natuur, voor de geheimen van het menschelÿk hart, licht ontroerd en toch vol blÿ optimisme, bezingt het alles wat in het menschelÿk leven maar voor kan komen." * Dit is weens dié eenvoudigheid, dié opregtheid van uitdrukking dat volkskuns so na aan die hart van die massa lê; maar daar is nog 'n faktor van die allergrootste betekenis waarsonder volkspoësie onmoontlik aan sy doel kan beantwoord, en dit geld die skepper daarvan. Om ware volkskuns te lewer moet die digter sy hele persoonlikheid vergeet en opgeneem word deur die belange, gevoelens, en die gedagtes van die volk vir wie hy skrywe --

---

* Poelhekke: "Woordkunst", bls. 150.

hy moet as 't ware volkome één word met die volk, hy moet die volk self word; „zoo is hy niet langer een ongevraagd antwoord maar mond van een volk dat ook in de kunst snakt naar een woordt, dat het verlost." * Dan alleen sal hy die volksiel tot in sy diepste wese kan peil, dan alleen sal hy volkskuns van blywende waarde kan lewer. En waaroor sal hy skryf ? --„Die liebe mit ihre Treue und Untreue, ihrem Glück und ihrem Schmerz und ihrer Sehnsucht ist wie von alters her das Hauptgebiet auch dieser lyrik." ** Alles wat na aan die hart van die volk lê , vaderland, taal kultuur, geskiedenis, godsdiens, dit sal verewig word in die lied van die massa.

Maar nog het ons geen kristalhelder begrip van wat dié kuns werklik is nie. Wel het ons 'n vae idee, maar 'n konkrete definisie ontbreek. Ons sal dus kortliks 'n paar menings oor die saak van naderby beskou. Talvj, skuilnaam van Therese von Jacob, beweer dat ons onder volkspoësie alleen sulke kunswerke kan tuisbring: „die vom Volke selbst ausgegangen sind oder noch ausgehen."*** Hier het ons 'n blote weergawe van wat ons reeds gesê het omtrent die ontstaan van volkspoësie, te wete dat volkskuns 'n massa-produk is. Dit wil die indruk wek asof poësie wat die voortbrengsel van die enkeling is, dan geen volkskuns kan wees nie, wat tog immers onmoontlik is. Dieselfde gedagte word uitgedruk deur Gaston Paris: „Volkskuns is alles wat voortgebring word of bewaar bly onder die volk." ****

---

* C.Rynsdorp: "Ter Zyde", bls. 165.

** Hans Rohl: "Geschichte der deutschen Dichtung." bls. 69.

*** Talvj: "Der Volkslieder germanischer Nationen", bls.10.

**** Dr. J.J.Gielen in Tydschrift voor Taal en Letteren, 21 Jaarg., 1931, bls. 77.

Veel nader aan die waarheid staan Ludwig Uhland wanneer hy beweer dat volkspoësie nie deur die massa as geheel gedig word nie, maar wel deur een persoon uit daardie volk. Oor die karakter wat daardie poësie moet aanneem laat hy hom egter niduit nie.

Dit is eers as ons kom by die definisie van Adema van Scheltema soos hy dit in sy „Grondslagen eener Nieuwe Poëzie" uiteensit, dat ons vaste grond onder voete voel. Van Scheltema was bewus van daardie gapende kloof tussen die hoër en laer ontwikkeldes van die gemeenskap. Hy het gevoel dat die Tagtigers met hul „trotse indiwidualisme" die volk ver oor die hoof gekyk het; soos hy in 'n onderhoud met D'Oliveira verklaar: „Het is mÿ altÿd bewust geweest dat ik wilde bereiken het verband tusschen mensch en mensch, waar de tachtigers van afgedreven zÿn." * Hy wou weer opregte menseliefde, liefde tot die medemens, in die samelewing sien, „ja wÿ willen weer de VOLKSPOËZIE, in de beste, in de eenig ware zin van poëzie. Wÿ willen weer dat een gedicht wordt: EEN MUZIEKSTUK VAN WOORDEN EN GEDACHTEN, DAT DOOR ZOOVEEL MOGELŸK ONZER MENSCHEN KAN WORDEN GEVOELD EN BEGREPEN."** Hier het ons die kern van ware volkspoësie -- dit moet iets maklik verstaanbaars wees en die groot meerderheid van die volk moet dit kan geniet en waardeer; dit moet 'n weerspieëling van die wese van die volksiel wees.

Teenoor volkspoësie tref ons die meer gekultureerde, verfynde kuns aan, hoewel die grondbeeld van beide dieselfde is. Onder laasgenoemde sal ons dan sulke poësie tuisbring wat meer direk tot die letterkundige aristokrasie spreek, wat deur die groot publiek dus nie behoorlik verstaan sal word nie en by hom ook geen waardering sal vind

---

* D'Oliveira: "De Jongere Generatie", bls. 192.

** Von Scheltema: " De Grondslagen eener Nieuwe Poëzie", bls. 112.

nie. Van hierdie kunssoort is die moderne Nederlandse en Afrikaanse liriek 'n sprekende voorbeeld? Deur diegene wat sy kuns nie behoorlik kan waardeer nie;) word dit byvoorbeeld teen Van Wyk Louw se kop geslinger dat hy te „indiwidueel" en dus onverstaanbaar is; daardie dieper, dikwels simboliese poësie van hom kan deur hulle nie gepeil word nie. Vir die litirêre-ontwikkeldes is dit egter versadigende spyse na die baie prulle wat tussen die werk van ons ouer digters, insluitende Visser, aangetref word. En tog ten spyte van wat die mense sê, is dit Van Wyk Louw self wat verklaar: „Ons letterkunde moet gaan, en gaan vandag terug na die diep bronne van die volk toe. Tog hoor ons oral rondom ons dat / ons wegkom van die nasionale in die letterkunde! As ons dit kan, sou dit die einde beteken." * Daar moet egter vir die minderbevoorregtes vir wie geen oefening en leiding in letterkundige waardering op universiteit of andersins gegun is, gesorg word, en in hierdie behoefte voorsien die maklik-verstaanbare, direkte volkskuns, die kuns van Visser, Celliers, Totius en Langenhoven.

Die kern-onderskeid tussen dié twee soorte van poësie word mooi saamgevat deur Dr. van 't Hoopt. Ons wil daarop wys dat sy benaming misleidend is en dat die volkslied, d.w.s. volkspoësie net so wel kuns kan wees as wat die poësie van die jongeres in ons letterkunde suiwere kuns is: „Der Unterschied zwischen Kunstlied und Volkslied zeigt zich hauptsächlich darin, dasz zich das Kunstlied, besonders das moderne, in stark persönlichen, das Volkslied dagegen in allgemeinen Auschanungen bewegt und ausspricht, was die Gesamtheit empfindet. Derselbe Unterschied läszt zich in der Form beobachten: das Kunstlied greift zum

---

* "Die Huisgenoot", 5 Junie 1936: "Die Rigting van die Afrse. letterkunde".

persönlichen Ausdruck, das Volkslied bevorzugt die Formel. Dies ist ein primitiver Zug, der letzten Endes einer Unbeholfenheit im Ausdruck zuzuschreiben ist; wer nicht imstande ist seine Gedanken selbständig auszudruchen greift zur Formel." * Ons moet egter onthou dat geen besliste skeidingslyn getrek kan word nie, ook hier slaan die twee dele oormekaar. Ømmers, die „kultuurlied" spruit voort uit die volkslied -- in volkskuns moet ons die bron gaan soek van alle poësie.

---

* Tÿdschrift voor Taal en Letteren, bls. 79.

(b) *'n Paar Volksdigters.*

Noudat ons enigsins besef wat onder volkspoësie verstaan moet word, is dit nodig dat ons nader kennismaak met 'n paar beoefenaars van hierdie kunssoort en sien op watter wysê hulle in die literêre behoefte van die volk voorsien het. Nie alleen weens hulle belangrikheid nie, maar ook weens die opvallende verskille wat daar in hulle poësie te bespeur is, sal ons ons aandag bepaal by die Hollander Adama van Scheltema, die Vlaming René de Clercq, en ons eie A.G. Visser. Uit wat volg sal ook nog duidelikliker word wat die wese van ware volkspoësie is.

Dit ly seker geen twyfel dat Van Scheltema van die digters na '80 een van die meesgelese is nie -- 'n mens hoef alleen aan die keurige massa-produk uiterlik van sy bundeltjies te oordeel, sonder om die lang lys van herdrukke, ens., na te sien. Wat kan 'n beter bewys as dit wees dat hy sy weg tot die hart van sy volk gevind het ? En tog neem die Nederlandse kritici feitlik geen notisie van Van Scheltema as digter nie. In 'n paar verteenwoordigende digbundels sal ons nou moontlike kenmerkende en aanbevelende eienskappe soek wat die populariteit van die werk van Van Scheltema teenoor dié van die Tagtigers en hulle navolgers kan verklaar.

Dit is byna oorbodig om te sê dat die sosiaaldemokratiese staatsleer die spil is waarom alles wat Van Scheltema geskryf het, draai: hy was, soos baie van sy tydgenote, die voorstander van reorganisasie van die magte van die staat ten gunste van daardie element wat deur die Marxistiese propagandiste die veronregte proletariaat genoem word. Dit is dan ook van die grootste belang om, by 'n bespreking van die aantrekkingskrag wat poësie met 'n

tendensiewe agtergrond het, die voorwerp sulke poësie eers in aanmerking te neem, in hierdie geval die algemene Nederlandse publiek van die twintigste eeu, miskien die meer gegoede werkersklas. Die koorsagtige verwikkelings op ekonomiese en staatkundige gebied reeds voor die aanvang van hierdie eeu, die oorrompeling van die massa deur onkeerbare faktore, het die weg al hoe meer geopen vir die leer van Karl Marx en sy geesverwante, en in 'n land soos Nederland met haar baie industrië kon daar geen uitsondering gewees het nie. Die Wêreldoorlog, hoewel dit Nederland nie direk getref het nie, moes noodwendig die senuwees van die men in die algemene publiek nog meer gespan het en die gees van onrus moes natuurlikerwys in politieke beroeringe uiting vind.

Vir so'n ontvanklike publiek het die grondlêer van 'n nuwe poësie, 'n nuwe volkskuns, geskrywe, hy het sy publiek miskien so goed verstaan soos 'n ervare politikus en in sy verse ook nie geaarsel om soms baie ver af te wyk van die Tagtigerpoësie nie. Dit doen hy van die staanspoor af: hy gee uiting aan sy afkeer van alle <u>ONVERSTAANBARE</u> indiwidualisme, alle inkeer tot eie gevoelslewe. Hy is wel lirikus, maar sy liriek het daardie eienaardige, byna onverklaarbare hoedanigheid, dat dit 'n mens laat voel asof hy deur sy eie persoon elkeen van die lydendes in die massa vir wie hy skrywe die woord gee. Dit getuig die sonnet „ Aan de Grens."

„Ik voel me een arm en heel verlaten mensch:
Weer is een deel van 't duister boek gesloten
En de afgeleefden tÿd teruggestooten --
Nu staan mÿn wankle knieën aan de grens."

Hier is geen verhewe erns in nie, dis die pessimistiese klag wat moet medelye wek.

Alle indiwidualiteit raak feitlik verlore in die eenvoudige temas wat hy vir sy verse gebruik, maar deurgaans loop tog daardie selfde toon van oproep tot die massa, hoewel hy soms nie direk uiting gee aan die altyd teenwoordige gedagte nie. By verberg dit miskien onder so'n, mens kan byna sê, goedkoop sentimentele tema soos die van „Wakker Worden".:

„Door lichte droomen straalt de licht morgen,
En streelt mÿ zooals moeder deed, en legt er
Een bloem van zon op die ouwde sprei, en vlecht er
Het dierbaar beeld van verre kinderzorgen."

Maar die verse waarin hy as natuurdigter na vore tree is seker die hoofaantreklikheid van sy werk. Hy sê soms dinge aangrypend mooi, hoewel hy deurgaans die kenmerkende eenvoud van gedagte en uitdrukking bewaar, soos blyk uit „Aan den Vÿver ", „Dageraad", „In het Park by Avond" en veral sy sonnet „Na dit Bloemen", hoewel geeneen van hierdie dinge beslis geslaagde sonnette is nie -- dis alleen die natuurbeskrywing wat die aantreklikheid vorm daarin. Ook „Een Lollende Lied" bevat 'n paar werklike mooi kwatryne :

„Tot mÿn schemerend gedacht,
Droomend als een til vol duiven
Luistert naar het verre wuiven,
Als van vleugels door den nacht."

As hierdie werk dan negatief tot 'n rustelose massa moet spreek, hulle die lugtige sfere van die vrye natuur as teenstelling met hulle eie onreg moet aanskou, daar is ander waar die verse van Van Scholtema in hulle eenvoud meer direk spreek in gedigte soos „Fabrieksrook", „Het Gouden Kalf", „Dageraad", „Avond in Stad", „Regen",

„Intocht", „Oudejaarsavond", „Meiverbeelding", „De Polder" en „Oude Verven" :

> „De wei ligt als een oud palet:
> Oud geel - oud groen - roest rood --
> En die oude avond zinckt
> En mengelt zacht de kleuren door elkaar."

Al hierdie verse is byna didakties; tipies van die resultaat van die kunstenaar-propagandis se poging om twee vlieë in een klap te slaan. Dit mag vir ons onoortuigend lyk, maar by die groot publiek, die volk, moes so'n taktvolle manier van nuttige lering uit die natuur ongetwyfeld ingang vind.

Wat ons oor die algemeen opval by aanraking met Van Scheltema se gedigte, is die vredige, rustige atmosfeer daarvan. Hier en daar breek egter ook die suiwer propagandagedig deur; poësie is dit nooit, die hoofsaak is die ontstuimige gedagte. Ons dink hier veral aan die liedere„Tot de Armen", „Herfsnacht",„De Tocht",„Socialistisch marsch", en „De Ontmoeting", belangrik en aangrypend om die stadige styging tot die kliemaks van verwyt in die reël :

> „Wÿd was de hemel, eindeloos,
> Wÿd was de aarde !
> Klein was het hartje, hopeloos,
> Dat met bedaarde :
> Een kindje schreide - vroeg me om geld,
> Een klein geluidje in 't groote veld ! "

Die bittere satire van „Te Wapen" uit „Zingende Stemmen" staan as rewolusionêre vers heeltemal op sy eie. As mens nog iets van Visser in Van Scheltema se werk gesien het, word in 'n gedig soos hierdie die laaste vermoede van ooreenstemming verwyder. Visser is nooit so

wrang in sy spot nie; hy was 'n sanger van die ligte en lagwekkende in die lewe, al was sy werk nie altyd poësie nie. Wat in hierdie bundel wel aan Visser laat dink in uiterlik, maat en ritme en in die kunstige, miskien te aangeplakte woordspeling met vreemde woorde is „Le Retour des Hirondelles". :

„Bÿ een mooie Rÿn-ruïne
Viert daar de verrukte belle
In haar zÿden crinoline
Le retour des hirondelles.

'n Kuische,coute de Boccace'
In haar keursje van dentelles,
Ziet ze't hemelsch ‚jen de grâces':
Le retour des hirondelles".

As opsomming dus van die kenmerke van sy verse, wil dit ons voorkom asof die bonte verskeidenheid van tema en bou by hierdie digter van die massa, juis die resultaat is van noukeurige kennis van die mens in sy wisselende stemminge, veral onder materiële omstandighede wat voortdurend gemoedsonrus meebring. Verder vind ons by hom loodsware pessimisme, blinde rewolusionêre reaksie, werklikheidsontvlugting na onveranderende natuurskoon en eindelik ook bloot onsinnige rymelary. En dit is hierdie dinge wat die volk in die geestoestand waarin hulle verkeer het, wou hê en kon geniet. Bewus of onbewus was dit die idee, die inhoudsgedagte wat hoofsaak gevorm het vir sy lesende publiek; dit het hy hulle in ruime mate gegee in die allereenvoudigste, maklik-verstaanbare en reëlmatige, ritmiese verse - hy het sy lesers, sy volk geken, en sy populariteit is die bewys daarvan.

Wanneer ons kom by René de Clercq voel ons al dadelik dat sy volkskuns veel nader staan aan dié van Suid-Afrika as wat met Van Scheltema s'n die geval is. Van Scheltema was die propagandis, die opsweper van sy volk, en in die naja van sy doel vergeet hy te dikwels dat agter al dié dinge ook nog 'n bruisende volkssiel skuil. De Clercq was meer algemeen, hy voer ons ook te midde van hierdie volkslewe soos dit werklik is. Dit is daarom dat Dr. Gielen kan sê : „Men heeft Adama van Scheltema een volksdichter genoemd; leest men daarnaast de Clercq's poëzie, dan treedt het karakter van de waren volksdichter duidelÿk naar voren ...... Adama van Scheltema was even eerlÿk in zÿn liefde voor het volk, hy was even populair, maar hÿ mist te vaak de vlotheid van het versrythme, de gepastheid van Klankwoorde en alliteraties, die zoo bÿzonder treffende zÿn in de volkskunst van René de Clercq". *

Vurig en fel klop die Vlaamse bloed in de Clercq se are. Alles wat Vlaams is, land, volk, taal en kultuur is vir hom dierbaar, alles wat Vlaams is, word in sy poësie uitgebeeld. Die land met al sy skoonheid word vir ons geskilder in somerson en winterreën ; die volk met al sy probleme, met die stryd wat hy te stry het teen die verfransing, met sy arbeider-tipes, vind 'n vertolker in René de Clercq -- sy poësie is suiwer volkskuns. Ons moet by hom geen groot kunswerke soek nie; sy uitgesproke doel was om vir die volk te skrywe, en hy het daarin geslaag om sy volk te gee wat hulle wou hê .

'Voor het Volk' is die gedigte van René de Clercq, met weinig uitsondering gebore , en dit is ook die opdrag

---

* Dr. Jos. J. Gielen : " Handleiding", bls. 291.

wat ons moet lees voor sy alombekende

„Ik ben van den buiten

Ik ben van den boer ! " -- 'n Gedig waarin die frisheid en volksheid van die digter besonder die aandag trek. In sy bundel „Voor het Volk" is reeds die bedekte klank van haat te hoor wat in sy latere verse 'n nuwe oproep tot die daad sou word. Daar is die arbeider-martelaar se verbond van wraak in die gebroke gang van „ De Zwingel", maar dan is de Clercq weer die feesvierende Vlaming, die jolytmaker van „De Duitsche Hoornen" , „ De Molenaars Dochterken", „Vlaamsche Kermis", die baljarende student in „De Gilde Viert". Hy is die lewe-genietende Pallieter-digter met die juigende stem en die skertsende vrolikheid wat hom stempel as volkshumoris en kenner van mede-Vlaming. Dit is hierdie doldu$tige, onbedwonge verse, opborrelend van lewensvreugde en kommerloosheid wat veral tot sy populariteit bygedra het. Wild-weerbarstig bruis die lewe in sy volle vloed in die onbeteuelde reëls van die „Vlaamsche Kermis". As hy dit nêrens anders doen nie, openbaar de Clercq sekerlik in dié gedig sy meesterlike kennis van die Vlaamse lewe: al die pret en kaskenades van dié tipies Nederlandse instelling is hier in die eenvoudigste dog tegelykertyd beeldendste taal weergegee en

„Knechten, meiden, vrouwen, mans

heel de bonte swerm" word met al hulle streke en vermaaklikhede op die lewendigste wyse aan ons voorgestel. Dieselfde vrye ritme, dieselfde dartelheid tref ons aan in „De Gilde Viert" -- dit is asof die werklikheid hom voor ons oë afspeel: bruisende bier, dampende pype, laggende oë en vrolike drinkers wat telkens maar weer wegval met die inspirerende koor van :

„Het beste biertje lust hem niet;
het liefste liedje sust hem niet;
het mooiste meisje kust hem niet;
Hoog het glas, hoog het hart, hoog het lied ! "

Vir elke afdeling van die samelewing het hy iets passends geskep. Soos Vermeylen sê, sit de Clercq se betekenis in die „eenheid van het artistieke en het volksche;" dit is dan ook geen wonder dat hy liedere kon skryf waarin die verskillende ambagte verheerlik word „als gezongen uit het gemoed van het volk zelf". Dink maar aan „De Zwingel", „De Zeeldraaier", „De Vorscherslied" en die kostelike „Lapper Krispÿn".

En dan, wat roer meer die siel van 'n volk as die heerlike, kinderlike ekstase wat daar glans uit die troetelwoordjies van die Dietse taal soos René de Clercq hulle in sy wiegeliedjies vleg : „Rood pioeneke, lief kapoeneke", „Moederke Alleen", „Mÿn kleen, kleen Dochterke" en „Het Wafeleterke". Dit is volkspoësie so kragtig seker soos dit tot 'n nasie in sy moedertaal kan spreek.

Eg-patrioties, eg-Vlaams is die gedigte waar de Clercq sy vaderlandsliefde in uitstort. Hy het met die ellende en armoede van die volk van baie naby kennisgemaak en die aanvanklike lewenslus wat in sy eerste gedigte bespeur word, maak nou plaas vir 'n sekere mate van opstandigheid en sosiale aanklag. Hy rig hom tot die massa en „voor haar ontstak hÿ den rooden gloed van zÿn Toortsen. Waar hy het volk verongelÿkt, verlaagd en vertrapt zag, liet hÿ zÿn toorn en zÿn strydbare hoop opslaan in verzen als geklonken met hamerende vuist". *
Hierdie verse is partymaal oordrewe propagandisties, maar daar vloei 'n onweerstaanbare krag uit hulle uit, 'n krag wat by elke Vlaming seker 'n gevoel van grootsheid en trots opgewek het. Dit is in „ De Noodhoorn" dat

* Vermeylen: "Van Gezelle tot Heden", bls. 89.

mens die sleutel moet soek tot René de Clercq se betekenis as volksdigter en Vlaamse patriot. Al is dit die digter van die Ria-liedere, of die tere aanskouer van al wat mooi is in sy „simpel landeskÿn", al is dit rasende toorn, agter alles lê die groot drang om sy Vlaamse broer op te rig in die stryd, om hom nasie-bewus te maak teenoor dié wat hom veronreg, en om hom by te bring uit sy slaafse floute.

René de Clercq is in sy verse, soos mens van 'n volksdigter miskien kan verwag, ook soms didaktikus; maar sy didaktiek is nie die gladde skerts van A.G. Visser in ons eie letterkunde nie, veeleer die epigrammatiese, gevatte didaktiek van Langenhoven met 'n tikkie erns soos ons dit kry in bv., „De Luiaard Alleen".

Volkssanger is de Clercq sonder twyfel. Soos met Visser die geval is, is sy verse nie altyd van oppervlakkigheid vry te pleit nie, maar ons kan verstaan hoe die tirmiese, sangerige Poësie, maklik berymd en maklik verstaanbaar, van de Clercq dié populere digter gemaak het wat hy is. Of hy nou in sy verse 'n Vlaamse landskap skilder, met 'n glimlag om die mond Lapper Krispÿn die vroulike deugde laat opsom, of in „Toortsen" sy woede die vrye teuels gee, daar is altyd die drang tot uiting, die gevoel wat woorde word en tot poësie kristalliseer of selfs as rymelary sy boodskap bring. Maar telkens kom deur sy poësie die onheilspellende stem van die „activisten-leider" van Vlaandere. Daar is in die verse van de Clercq dieselfde afwyking van die hoogs-indiwidualistiese kuns-om-die-kuns poësie van die Tagtigers; daar is by hom die dienende, tendensieuse, soos in die werk van die sosialis-propagandis Adama van Scheltema. Tog kan hulle werk nie gesamentlik met die etiket „gemeenskapskuns" bestempel word nie.

Albei ken hulle mense, maar by Van Scheltema is die voorwerp van sy ywer 'n laag van die samelewing, die proletariaat, by de Clercq is dit 'n nasie, sy eie nasie wat sy deernis wek. Van Scheltema het sy verse „gemaak" volgens 'n populêre opvoedingsresep van dig-vir-die-massa deur homself vooraf neergelê, en alle individualisme, selfs dié van 'n sosialis soos Gorter en Henriëtte Roland Holst, self mede-stryders vir die massa, as waardeloos bestempel volgens sy teorieë. René de Clercq het geskryf uit die drang van sy siel, sonder wette vir die vorm wat sy uitinge sou aanneem; sy meegevoel met sy volk soos in sy verse vervat het hy miskien hooit vir hulle bestem nie en indien hy dit wel gedoen het, was sy woorde beurtelings naïef-eenvoudig en swaarbelaai -- daar was nie die kunsmatige wat Van Scheltema kenmerk nie. Sy verse is meer individualisties as propagandisties, sy boodskap meer verhewe as dié van die „wilde man" van die sosialistiese poësie wat sy digterskap met reseppe verlam het.

En dan kom ons by Dr. A.G. Visser. Veel wil ons nie op hierdie stadium sê nie; sy volksheid en sy populariteit sal vanself spreek uit die breedvoerige behandeling van sy poësie wat later volg. Ons wil hier net in hooftrekke aandui waarin sy enorme gewildheid bestaan, waarom hy by uitstek 'n populêre skrywer en volksdigter is, waarom hy vir baie 'n opregte vriend deur sy werke is. En hier moet ons herhaal wat ons reeds telkens gesê het: ook hy het sy volk geken, hy was self 'n waaragtige volksman en hoewel hy nooit gedroom het om sy verse aan die kritiese blik van die lesende publiek bloot te stel nie, het hy onbewus aan 'n groot volksgebrek voldoen en sy mede-Suid-Afrikaner op literêre gebied versadig, En wat is die rede vir hierdie sukses ? -- Eenvoud, helderheid, musikaliteit, ritme, soetvloeiendheid; die liefde waarmee

eenvoudige huislike toneeltjies geskilder word; sy humor in 'n wye en losse betekenis -- „Hy is die apostel van die lewensblyheid, die swartgallige donker kant van die lewe kry ons nie by hom nie"; sy vriendelike spot-- beminlik, goedhartig, nooit bitter nie.

Digters soos Visser het ons nodig in die Afrikaanse letterkunde. Wel besef en erken ons dat hy geen uitmuntende kunstenaar is nie, maar dié soort kuns wat hy gelewer het, vind ingang by die volk. hulle wil dit lees en herlees -- dit getuig die duisende bundels van hom wat wyd en syd oor ons land versprei is. Daar het 'n skeuring gekom tussen die hoër ontwikkeldes en die volk, laasgenoemde is afgeskeep en tot uitheemse goedkoop en sieklike literatuur gedryf. In die woorde van Dr. J.R.L. van Bruggen : „ons letterkunde het gaandeweg die geestelike lekkerny van die literêr-ingewydes geword". Immers, „dwaas sou dit wees om te verwag dat 'n ontwikkelde vakman die mistiek van Van Wyk Louw sou kan waardeer, net so dwaas as wat dit sou wees om te dink dat die gemiddelde Afrikanervrou, wat vir haar man heerlike melktert en braaiboud verskaf, die nervieuse lirisme van die prosa van ‚Sy Kom met die Schelmaan' sou kon op prys stel". * Daarom is en bly Dr. Visser die populêrste en meesgelese digter uit die Afrikaanse letterkunde. Sy opgeruimdheid, sy frisheid, voer ons weg en oormeester ons; sy ongeveinsde vaderlandstrots, sy hartstogtelikheid en krag bind hom aan sy volk. Hier is die geesdriftige, rasegte sanger en niemand is teen sy aansteeklike vrolikheid en vurige patriotisme bestand nie. Hy het 'n plek in die hart van die Afrikanerdom verower wat hom nie maklik ontneem sal word nie.

---

* Die Brandwag, 6 Mei 1938: Inleidingsartikel.

6

# HOOFSTUK 3.

## Visser se Plek in die Afrikaanse Letterkunde.

## Visser se Plek in die Afrikaanse Letterkunde.

Die feit dat Visser as digter dikwels verkeerd benader word en soms selfs onderskat word, berus m.i. op die foutiewe perspektief waarin sy werk deur sodanige kritici beoordeel word. Hulle stel n.l., vir Visser as digter naas figure soos Totius. Leipoldt of Celliers, soek by hom net sulke diepte van gevoel, ernstige lewensbeskouing of woordkuns soos by hierdie figure en besluit dat hy onbeduidend uit die vergelyking tree as 'n volkskrywer en versiemaker wat sy model ietwat gewysig het ná sy pogings van die Eerste Beweging, maar geen digter om 'n bohaai oor temmaak nie. Ons moet natuurlik erken dat 'n volksdigter of populêre digter nie altyd 'n groot digter is nie, maar dit wil nog nie sê dat ons die reg het om hom die plek te misgun wat deur die populêre oordeel aan hom toegeken is onder die geledere van ons Afrikaanse digters van die Tweede Beweging nie.

Visser se digterspersoonlikheid het wel sekere trekke gemeen met dié van ander figure van die groep waartoe hy behoort, maar niks van die neerdrukkende weemoed van Totius, die wrange swartgalligheid en sinisme so tipies van Leipoldt, of die felle petriotisme van Celliers word by hom aangetref nie. Hy het te min gemeen om saam met hulle beoordeel te word. Hier en daar vind ons ooreenkomste van tema en trant, maar dan essensieel deur Visser op sy eie manier gesien en tog net so verdienstelik as by die ander. As digter staan Visser alleen in sy kategorie, 'n unieke persoonlikheid sonder om kleurloos te wees soos Keet of Van Bruggen, en ons moet hom as sodanig ook beoordeel by die waardering van sy werk.

In 'n sekere opsig vorm Visser die skakel tussen die Eerste en die Tweede Bewegings, maar ons kan hom ook as 'n oorgangsfiguur tussen ons ouer en jonger digters beskou. Ten spyte van alle lof wat ons Visser toeswaai, staan sy poësie dikwels baie na aan die rymelary wat deur die digters van die Eerste Beweging voortgebring is. In sy jeug het hy self enige gediggies in „Ons Klyntje", gepubliseer wat tipiese produkte was van die destydse pogings om deur eenvoudige en grappige verhaaltjies en rympies die volk se lees- en skryflus aan te wakker. As Visser met daardie digwerk voortgegaan het, sou sy poësie sekerlik nooit die peil bereik het wat dit vandag wel het nie. Die jare het egter rypwording meegebring en hoewel hy baie van die eienskappe wat sy jeugwerk kenmerk, nie kon ontgroei nie, het hy tog in baie gevalle betreklik hoogstaande kuns gelewer. In so verre as sy kuns dus vir dié van Celliers, Leipoldt, Totius, Marais, e.a., onderdoen, kan ons hom beskou as 'n skakel tussen die Eerste en Tweede Bewegings.

Maar tot 'n mate vorm hy ook die oorgang tussen ons ouer digters en die jongeres wat vanaf ongeveer 1919 begin opgang maak. Soos Dr. Dekker duidelik aandui * lewer ons digters voor daardie tyd hoofsaaklik wat hy noem „motiewe-kuns" -- hulle bring hulle ontroering in verband met een of ander motief; hulle beoog 'n definitiewe vooropgestelde doel met hul kuns. In die oorlogspoësie wat so'n groot deel van ons letterkunde uitmaak, is dit bv., die digters se bewuste oogmerk om uiting te gee aan die oorlogsmart, en dit is feitlik wat Van Wyk

---

* Dekker: "Ons Jongste Poësie" in "Die Huisgenoot," 20 Nov., 1936.

Louw noem „die geestelike verwerking van die oorlog sodat dit sinvol sou word en geen brute, materiële gebeurtenis vir ons sou bly nie". * Die jongere digters -- van wie Visser in sommige opsigte in voorloper is --, lewer glad 'n ander tipe kuns. Deur hulle poësie skemer nie meer daardie duidelike motief nie, hulle besing eenvoudig die skoonheid terwille van die skoonheid en hul kuns het dan ook 'n veel sterker kleur van individualisme. Die feit dat Visser in so'n groot mate persoonlike liriek gelewer het saam met sy ander motiewe-kuns, regverdig die mening dat hy tussen die twee groepe van digters staan. Om sy verhouding tot die ouer sowel as jonger digters duideliker aan te dui, wil ons 'n paar strominge in die Afrikaanse letterkunde volg, naspeur hoe hul ontwikkel het, en so uitvind waar Visser in elkeen van hulle inpas.

Soos Dr. Kritzinger aandui, „Minnepoësie en liefdesgedigte seker so oud soos die mensheid self",** en ons kan dus verwag dat daar 'n stroom van liefdespoësie dwarsdeur die Afrikaanse digkuns sal loop wat sy begin in die tyd van die Eerste Taalbeweging het. Hoewel daar in die „Bloemlesing"van Afrikaanse Gedigte uit die Jare 1896 tot 1906" 'n spesiale rubriek gewy word aan„Minnedigte", kan ons hierdie liedjies glad nie as minnepoësie beskou nie, en is dit die swakste van al die afdelings in die bundel. Dit is in hierdie tyd dat ons gediggies kry soos„Uitnodiging aan Annie", een van die weinige minnegediggies wat in „Di Patriot" verskyn het:

---

* "Die Huisgenoot", 5 Junie 1936; aangehaal deur Dr. Dekker in "Die Huisgenoot", 20 Nov. 1936.

** Kritzinger: "Oor Skrywers en Boeke", bls. 41.

„Myn huisie is wel baing klein,
Mar is tog regte net en rein.
Daar 's kos in huis en ve op stal,
Ek het gebrek aan nimendal.

---

Mar Annie-lief, wat ek bemin,
Kom, woon by my as koningin !
Dis alles wat myn hart nog wens,
Dan is ek een gelukkig mens". *

En van Visser se hand het „ Die Eerste Versoek van Japie aan sy Vrou" byvoorbeeld verskyn. Dit is 'n tipiese rympie van die Eerste Beweging:

„Kom hier, my sielsbeminde !
Kom sit hier op my knie;
Ek wil vir jou iets vrae,
Maar nee sê moet jy nie.

Jy weet ek min jou hartlik,
En ek weet jy 't my lief;
Dus, doen vir my 'n ietsie,
Ek vra dit asseblief.

Daar laat sig niks bedenke
Wat 'k nie vir jou sal doen,
Jy weet dit mos ou hartjie,
Kom gee my eers 'n soen;

En leg jou sagte handjie
In myne hier. En dan --
Gaan haal 'n naald en gare
En werk my broeksknoop an". **

---

* Uit Dr. Lydia van Niekerk : "De Eerste Afrikaanse Taalbeweging".

** Die Huisgenoot, 21 Junie 1929.

Daardie geestigheid wat die digter se latere werk sal kenmerk is dus hier al in kiem aanwesig.

Niks van belang word egter op hierdie gebied bereik voor ongeveer 1919 nie, toe digters soos Theo Wassenaar, A.D. Keet en Toon van den Heever die Afrikaanse minnepoësie eers reg ingelui het. Grootse kunswerke het hul nie eintlik voortgebring nie, maar op die gebied van die Afrikaanse liefdes-liriek was hul die voorlopers en daarom is hul poësie van belang vir ons letterkunde. Van Keet se gediggies word gepraat as „die skugtere ontluiking van die eerste minnebloeisels in die Afrikaanse poësie", * en dit is dan ook almal eenvoudige, spontane gevoelsuitinge van die digter wat hier aan ons weergee. / word. Ons dink bv., aan so'n kinderlike en bekoorlike vers soos „My Liefste":

„Ek wag al vir my liefste
Maar al wat kom is sy.
Of is dit dat my liefste
Nog altyd wag vir my ?

Ek weet nie of my liefste
Dit weet hoe ek haar min.
Sy het al lang gelede
My hele hart gewin.

Ek wonder of my liefste
So af en toe nie snik,
As sy vir my sit wag en
Al wat kom is ik ".

Dan is daar nog Jan Celliers se „Liefdelewe" wat, hoewel die digter hier en daar veelseggende beelde

---

* Die Huisgenoot, 1 Desember 1933: "In Memoriam, Dr. Nell Keet".

gebruik, dit nie altyd ewe digterlik is nie, maar soms selfs nugter-prosaies of oordrewe-romantiekerig is". *

Maar die grootste minnedigter van daardie periode is ongetwyfeld A.G. Visser. Nie dat hy sulke wonderlike kuns gelewer het nie, maar wel omdat hy deur sy liriek tot die Afrikaanse volk gespreek het en hulle sy „taal" kon verstaan. Deur die dood van sy vrou moes Visser ongetwyfeld veel stof tot verdriet gehad het, en die meeste verse is dan ook aan haar nagedagtenis gewy. Aangrypend in sy trou van onderdrukte leed en weemoed is sy „Rose van Herinnering" ; ons dink aan die twee roerende strofes van „Die Roos" :

„Te kort jou skoonheids duur,
Roos van my hof;
Vir jou volmaakte uur
Die Gewer lof !

Te kort ons liefdestyd:
Te lank die rou.
Tog -- tot in Ewigheid
Goddank vir jou ! "

Niks naïefs of betraand nie, maar kalm en beheersd. Ook in sy „Van Verlore Vlei" word ons getref deur dieselfde toon : dié keer aan Marie wat maar steeds buite sy bereik bly; lugtig en vlot is die ritme, soos die vlug van 'n leeurik in die bloute, om te eindig in kalme berusting sonder enige swaarmoedigheid.

Maar dan word ons getref deur die geweldige sprong en verbasende ontwikkeling in die Afrikaanse liefdesliriek sedert Visser tot by die modernes wie se

---

* Dr. E.C. Pienaar : "Taal en Poësie", bls. 298.

uitgeblink , en as sodanig moet ons hom dan ook beoordeel en waardeer.

Dieselfde soort van ontwikkeling tref ons aan by die vaderlandse poësie. Wat het die Eerste Taalbeweging op hierdie gebied voortgebring ? Afrikaans was nog maar in sy wordingsjare, baie was teen die gebruik daarvan, andere was onbewus van die feit, of onoortuig, dat Afrikaans 'n werklike lewende spreek- en skryftaal kon wees en ook is, waarin 'n eie letterkunde ontwikkel kon word. Die voortbrengsels van skrywers uit die Eerste Beweging, moet dan ook in 'n groot mate as propagandawerk beskou word: Hulle moes die volk losruk uit die oorheersende mag van die Engelse taal en hewig was die gevoel wat gespreek het uit verse soos:
„Engels ! Engels ! alles Engels ! Engels wat jy siet en hoor; In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal vermoor". Dit was 'n stryd wat sou end in die volle erkenning van Afrikaans, naas Engels, as die offisiële taal van Suid-Afrika. „In hierdie stryd", sê Dr. Kritzinger *, „het die geskiedenis van die Afrikaner 'n baie vername rol gespeel. Die Hollands-sprekende oor die algemeen is trots op daardie verlede en vreemd is dit daarom nie, dat daardie verlede in baie opsigte die band gevorm het wat die Afrikaanssprekende aanmekaar gesnoer het". Dit is dus nie te verwonder nie dat die geskiedenis van ons land en volk, veral die Eerste Vryheidsoorlog, tot baie gedigte in hierdie tyd aanleiding gegee het: „Lied van die Natal-Voortrekkers", „Vaderlandsliefde", „Die Slag van Bronkhorsspruit", „Die Slag van Lang's Nek", „Slag van Majoebaberg" en „Die Vryheidskrÿg".

---

* "Oor Skrywers en Boeke", bls. 38.

„Die vaderlandse vlag waai weer !
Ons haal die rooie roofvlag neer:
Die vrÿe Republieks banier
Het hier o'erwin -- gesegevier;
Ons burgers het getriomfeer.

By Kleinfontein het ons gesweer :-
,Ons wil weer vrÿ !
Ons het gestrÿ ,
Reg an ons sÿ ,
Die stryd's verbÿ "

Dan die verse uit die Tweede Beweging, baie waarvan deur die Tweede Vryheidsoorlog geïnspireer is -- Celliers, Leipoldt, Totius, Visser, e.a. skryf gedigte waaruit 'n hartstogtelike liefde vir volke en vaderland spreek. Hier sal ons vir Visser veel laer moetbplaas, in elk geval laer dan die ander digters wat ons hier genoem het. Nie dat diebesieling by hom te gering is nie, -- uit sommige straal die kragtigste nasionalisme wat ons kan kry --, maar wel weens algemene uitbeelding en seggingskrag. Watter verskil lê daar nie tussen sy verse, inderdaad ook die van die ander ouer digters, en die pragtige„Dieper Reg" van Wyk Louw nie. Ons haal 'n kort stukkie aan; dit is die Vrou wat triomfantlik uitroep:

„Ek is die bloed wat deur die jare gaan,
geslagte aan geslagte bind, die vrou;
en in my kring van liefse, blydskap, hoop
en baie pyn, bestaan 'n volk onsterflik
solank hy daardie bloed wil suiwer hou
bo wins en ydel waarde en medely.
Daarom sal ek my pyn nie noem as diens;

dis deel van my, dit is die stroom van lewe
en enige vreug wat so'n vreemde skyn
aanneem in my, en daardeur sal ek leef
onsterflik in die wit land van die son
en wind-deurwaaide hooglug, Afrika".

En dit bring ons tot die kwessie van„indiwidualisme". Die beswaar is reeds dikwels geopper dat die moderne Afrikaanse digters te indiwidueel en dus onverstaanbaar is; dat hulle te diep in hul eie gevoelslewe opgaan en die volk vergeet, dat hulle dus on-nasionaal in hul poësie is. Laasgenoemde beswaar word duidelik die nek ingeslaan deur die bogenoemde bundel van Van Wyk Louw wat bewys lewer van die feit dat hy wel deeglik eg-nasionaal is; maar sy nasionalisme kom tot uiting op sy eie indiwiduele manier en daarom word hy dikwels nie begryp nie. Ons het reeds gewys op die oorgang van die ouer digters se„motiewe-kuns" tot die meer indiwiduele gevoels-uiting van die jongeres en gesien dat Visser, deur ook dieper as sy voorgangers in sy eie siel te delf, as 'n voorloper van die moderne digters beskou kan word. Wat vorm en algemene verstegniek betref, stel hy egter dikwels teleur en staan sy poësie baie na aan die rymelary van die Eerste Taalbeweging.

# HOOFSTUK 4.

## VISSER AS DIGTER.

(a) Liedjies, Vertalings, Natuurverse,

(b) Godsdienstige Verse,

(c) Vaderlandse Verse,

(d) Die luimige Visser,

(e) Kinderpoësie en Huislike Verse,

(f) Persoonlike Liriek.

-----------------

## VISSER AS DIGTER.

Voor ons oorgaan tot 'n nadere beskouing van Visser se digkuns, mag dit interessant wees om kortliks iets te sê omtrent die skeppingswyse van sy kunsprodukte. Baie tipies van die digter in hierdie verband is die onwillekeurige tekening van talryke figuurtjies, syfers en woorde terwyl hy diep in gedagte versonke sit en toelaat dat die gedig homself in sy onderbewussyn uitspook, soos dan ook blyk uit die talle van bekrapte handskrifte. Dit mag ook gebeur dat hy voor die klavier sit, besig met die speel van 'n moeilike komposisie; geleidelik sal sy aandag hiervan afgetrek word, die stuk sal vervloei in een of ander sagte melodie, terwyl sy oë ver in die hoeke van die kamer dwaal. Dan kan 'n mens maar weet dat daar weer iets komende is. Skielik sal hy opspring, pen en papier gryp, en 'n nuwe gedig sal gebore wees. En as daarnou miskien geen papier byderhand us nie, was die muur ook goed genoeg om sy digterlike invalle op neer te skryf en so te bewaar vir 'n latere oomblik wanneer dit aangevul en afgerond kan word.

Die liefdesgedig „Van Verlore Vlei" is een van die beste en duidelikste voorbeelde van Dr. Visser se werkmetode. Nie alleen is dit die beste bewys van die digter se deeglikheid en onvermoeide ywer waarmee hy steeds veranderinge ten goede aangebring het nie, maar dit is ook die enigste gedig waarvan ons soveel pogings in Vissér se eie handskrif in die hande kon kry en deurgaan. Met volle vertroue kan ons in hierdie verband beaam wat Dr. Haarhoff in sy inleiding tot „Die Purper Iris" sê : „Die nagaan van die handskrif toon hoe sorgvuldig-oorwoë die gedigte is, en veranderinge later aangebring is leersaam vir dié wat belangstel in die welluidendheid

## CHANTEMERLE.

Jy is die meerle,
Ek is die meer;
Stil wieg my boesem
Sag heen en weer,
    Wagtende,
    Smagtende,
Totdat jy keer
Ver uit die bloue lug,
Ver uit die koue lug,
Vurig begeer -
Jy is die meerle,
Ek is die meer.

Sonlig en sterlig,
Glans van die maan
Vuurlig en vêrlig
Die trek jou aan
    Dugtende,
    Vlugtende,
Steeds onvoldaan.
Ek alleen sus vir jou
Ek tog het rus vir jou
Sonlig en sterlig
Glans van die maan.

Kom Windekinde,
Kom deur die swerk,
Hygende boesem,
Neigende vlerk,
    Hygende,
    Neigende,
Liefde is sterk,
Immer weer wiegende,
Nimmer weer vliegende,
Hoog deur die swerk.
Kom windekinde,
Liefde is sterk.

## B. CHANTEMERLE.

1. Jy is die leeurik,
Ek is die vlei;
Ver in die bloute,
Vlug jy van my.
    Met bange
    Verlange
Wag ek tot jy.
Ver uit die bloue lug,
Her uit die koue lug
Terugkeer tot my.
Jy is die leeurik,
Ek is die vlei.

2.

Geen tweede strofe op nie.

3. Kom my beminde,
Kom aan my hart,
Kom weer my vreugde,
Kom weer my smart.

(onvoltooid)

(Hierdie is eintlik die eerste poging maar aangesien dit onvoltooid en deurgekrap is, skyn dit asof die digter dadelik gevoel het dat dit nie gangbaar sal wees nie. Ek haal dit dus slegs volledigheidshalwe aan).

## C. CHANTEMERLE.

1. Jy is die leeurik,
Ek is die vlei,
Ver na die bloute
Vlug jy vir my.
    Wagtende,
    Smagtende,
Toef ek tot jy
Ver uit die bloue lug,
Her uit die kouelug
Terug keer tot my.
Jy is die leeurik,
Ek is die vlei.

2.

Geen tweede strofe op nie.

3.

Hier sukkel die digter met die tweede reël. Hy probeer die volgende moontlikhede:

"Liefde is sterk"
"Liefde versterk"
"Hoog deur die swerk."

## D. CHANTEMERLE (    )

1. Jy is die leeurik,
Ek is die vlei,
Hoog in die bloute
Vlug jy vir my.
    Smagtende,
    Wagtende,
Toef ek tot jy
Ver uit die bloue lug,
Her uit die koue lug,
T'rugkeer tot my.
Jy is die leeurik,
Ek is die vlei.

2. Son-goud en ster-stof,
Glans van die maan,
Vuurlig en vêrlig
Die trek jou aan,
    Dugtende,
    Vlugtende,
Steeds onvoldaan.
Ek slegs bring rus vir jou
Ek alleen sus vir jou.
Alles is waan:
Son-goud en Ster-stof,
Glans van die maan.

3. Kom, Windekinde,
Vreugd' onbeperk,
Hygende boesem,
Neigende vlerk.
    Hygende,
    Neigende,
Hoog uit die swerk;
Immerweer wiegende,
Nimmerweer vliegende,
Liefde te sterk.
Kom, Windekinde,
Vreugd' onbeperk.

## E. CHANTEMERLE (    )

1. Jy is die leeurik,
Ek is die vlei
Hoog in die bloute
Vlug jy vir my.
    Smagtende,
    Wagtende,
Toef ek tot jy.
Ver uit die bloue lug.
Her uit die koue lug
T'rugkeer tot my.
Jy is die leeurik,
Ek is die vlei.

2. Son-goud en ster-stof,
Glans van die maan
Vuur-lig en vêr-lig
Die trek jou aan.
    Dugtende,
    Vlugtende,
Steeds onvoldaan.
Die verontrus jou weer
Ek alleen sus jou weer
Alles is waan:
Son-goud en ster-stof
Glans van die maan.

3.

Dieselfde as D.

## F. VAN VERLORE VLEI.

1. Jy is die leeurik,
Ek is die vlei;
Hoog in die bloute
Vlug jy vir my.
    Wagtende,
    Smagtende,
Staar ek tot jy
Ver uit die bloue lug
Her uit die koue lug
T'rugkeer tot my.
Jy is die leeurik
Ek is die vlei.

2. Son-goud en ster-stof
Glans van die maan
Vuurlig en vêr-lig
Dié trek jou aan;
    Dugtende,
    Vlugtende,
Steeds onvoldaan.
Dié verontrus jou weer
Ek alleen sus jou weer
Alles is waan!
Songoud en ster-stof
Glans van die maan.

3. Kom, my beminde,
Vreugd' onbeperk,
Hygende boesem,
Neigende vlerk,
    Hygende,
    Neigende,
Hoog uit die swerk,
Immerweer wiegende,
Nimmermeer vliegende,
Liefde te sterk -
Kom, my beminde,
Vreugd' onbeperk.

van ons taal, Daar is geen gebrek aan „ limae labor" -- die werk van die vyl -- wat Horatius aanbeveel nie: die afgerondheid van elke vers en die moeite en dedinking wat daarmee gepaard gaan, word ook hier getoon -- 'n heilsame teëwerking vir die idee dat verse in hul finale vorm soos 'n onbesorgde fontein by die digter uitvloei.

Wat hier volg is 'n aantal lesings van „Van Verlore Vlei" om aan te toon watter wysigings daar aangebring is voordat die uiteindelike vorm bereik is. Veral die eerste strofe toon groot veranderings; ook die titel is opvallend.

## (a) LIEDJIES, VERTALINGS, NATUURVERSE.

Die kleinste deel van Visser se poësie en tewens ook die minder belangrikste is sy liedjies, vertalings en natuurverse. Hoogstaande kuns is dit seker nie, 'n mnes voel selfs huiwerig om dit as poësie te beskou. Tussen sy liedjies wat hoofsaaklik onder die rubriek „Om te sing" in sy „Gedigte" opgeneem is, vind ons egter 'n paar heel verdienstelike stukkies. Op bekende Deense, Duitse, Franse, Poolse en Vlaamse wysies, het Visser tipies Afrikaanse liedjies gedig wat gekenmerk word deur sangerigheid en maklik vloeibare ritme soos o.a. blyk uit die lewendige strofes van

„Die Pêrel se klokkies
Het 'n mooie geluid,
En die Bolandse noointjies
Sien liefies daaruit.
La, la, la.......

---

'n Klein bietjie liefde
En 'n klein bietjie trou;
En 'n klein bietjie valsheid
En daar het jy 'n vrou !
La, la, la........"

Pragtig word sy vaderlandstrots en sy verlange na eie bodem weerspieël in „Die Swaeltjies van Hermanus" :

„Wanneer die Lente met sy weelde
Van blareprag en bloesemgeur
Die heerlik deur die son gestreelde
Ou Boland sier met vorm en Kleur;

As Voorjaar kom. en nuwe lewe
Met towerstaf wek oor die land,
Van heimwee word ek dan gedrewe
Na sonnig 'Afrika se suiderstrand ! "

Ander goedgeslaagde liedjies waarin hy soms mooi hoogtes bereik is „Die Moeder by Irene" , „Lied van die Volkskool", die forse „10 Oktober" en die naïef-eenvoudige „Kalwerliefde".

Dr. Visser het, soos verwag kan word van iemand wat grondig met die Europese letterkunde kennisgemaak het*, talle van vertalings gemaak wat dan ook in sy versamelings opgeneem is, in baie gevalle ongelukkig sonder erkenning aan sy bron. As gevolg hiervan is hy dikwels reeds van plagiaat beskuldig, maar sy onskuld word verseker deur Eugène Marais wanneer hy in die „In Memoriam" voor „Gedigte" skryf ; „Dat dit gebeur het is aan my onoplettendheid in die eerste instansie alleen toe te skrywe". By gebrek aan 'n grondige kennis van die Duitse en Engelse poësie veral, is dit egter besonder moeilik om 'n duidelike oorsig van Visser se vertaalwerk te gee. Van 'n paar gedigte is die bron wel duidelik en hierop sal ons dan ook hoofsaaklik konsentreer.

Met betrekking tot hierdie deel van Visser se werk, skryf Marais as volg : „Dr. Visser was destyds altyd twyfelagtig oor sy tegniek en ons het verskillende vertalings uit Engels, Frans en Duits as oefening saamgemaak. Een of twee van ons verskillende vertalings van dieselfde gedig is destyds in „ Die Huisgenoot" langsmekaar gepubliseer. Met die vertalings en oorsettings het Dr. Visser -- as oefening -- vir 'n tyd voortgegaan.

---

* Vgl. Smith en Leipoldt in "Die Huisgenoot", 21 Junie 1929.

Sommige van die eksperimentele werkies was sulke pragstukkies dat hulle op my raad in sy versameling opgeneem is".

„Van Verlore Vlei" en, „Waar ou Heidelberg hang aan die Suikerbosrand" is onderskeidelik vrye bewerkings van „You are a seagull, I am the sea" en „ Where the mountains of Mourne run into the sea", ook, „Bioskoop", „Aanhouer Wen" en „Pelgrimsleuse" is aldrie vertalings uit die Engels wat egter deur die digter erken word.

Maar die allerduidelikste en ook interessantste buitelandse invloed word bespeur in „Die Wapad is my Woning". Hier is naamlik sprake van 'n tweeledige invloed : Padraic Colum se „Old Woman of the Roads" en Heinrich Heine se „Wo ? " Hoewel ons nie kan praat van letterlike vertaling nie, bestaan daar tog groot ooreenkoms tussen die Engelse en Afrikaanse gedigte wat betref inhoud sowel as maat. Visser moes reeds diep gedink het in die skoonheid van „ An Old Woman of the Roads" en geheelenal opgegaan het in die gevoel en gedagtes daarin vervat toe hy die besoek aan die padmakers-familie (sien verder) afgelê het, wat hom die inspirasie sou gee vir die skepping van sy eie gedig. Reeds die openingsreël toon groot ooreenkoms: „Ag, had ek 'n eie ou huisie", „O, to have a little house! en dieselfde gedigte word vervat in Heine se

„Wo wird einst des Wandermüden
Letzte Ruhestätte sein ? "

Die inhoud van beide is natuurlik min of meer eners, maar veral in die twee slotstrofes staan die werk baie na aan mekaar. By Visser lui dit :

„Ek is moeg, O so moeg al van swerwe:
Rus smeek ek vir liggaam en gees.
Sou daar nie vir my eer ek sterwe,
Ook êrens 'n staanplekkie wees ?

Maar vooroor die wapad staan immer
Bekroon deur 'n lonkende ster,
Die hoë blou berge van Nimmer
Wat die weg na Geluksland versper ! "

Dié hopeloosheid van die ou vroutjie se verlangens word deur Padraic Colum as volg uitgedruk :

„Och, but I'm weary of mist and dark,
And roads where there's never a house or bush,
And tired I am of bog and road
And the crying wind and the lonesome hush !

And I am praying to God on high,
And I am praying Him night and day,
For a little house - a house of my own -
Out of the wind's and Rain's way ".

En by Heine ?

„Immerhin ! Mich wird umgeben
Gotteshimmel, dort wie hier,
Und als Totenlampen schweiben
Nachts die Sterne über mir ".

Dan bestaan daar 'n sekere ooreenkoms tussen „Lank gelede in Nazareth" en Hilaire Belloc se „The Birds". Met vertroue sal ons hier kan aanneem dat Visser reeds kennisgemaak het met die Engelse gediggie voor hy sy eie geskep het. Eienaardig is dat Visser in drie strofes sê wat Hilaire Belloc met net so'n goeie uitwerking slegs in drie reëls omskryf :

„And yet with these He would not play
He made Him small fowl out of clay,
And blessed them till they flew away ".

Hiervan maak Visser :

„Sorgmaan word die taaie klei
Uit die smid se dam gebrei
In die skurwe handjies.
Noag's Ark word daar gespeel:
Dié een maak 'n krom kameel
Daardie ........ olifantjies.

Maar die Knaap met lig gelaat,
Wyl Sy materê lag en praat,
Maak 'n torteldulfie;
Maak 'n mooie koppiekrou -
Borsie rooi en vlerkies blou -
Geel en groen die kuifie.

En Hy gooi hul in die lug;
Daar trek hul in snelle vlug
Ver weg op die windjies !
Groot was die verwondering -
Was dit ook nie sonderling ? -
Van Sy kleine vrindjies."

Van vertaling, selfs vry vertaling, is hier natuurlik geen sprake nie; dit is net die invloed van die Engelse digter wat deur Visser ondergaan is.

Veel nader aan 'n direkte vertaling uit die Engelse gedig met dieselfde naam van G.K.Chesterton, staan „Die Donkie".

Vergelyk byvoorbeeld

„Ruig van haar en lank van ore,
Skor van stem en sonder sier,
Misontvange, wangebore,
Spotprent van 'n eed'ler dier."

met

> „With monstrous head and sickening cry
> And ears like errant wings,
> The devil's walking parody
> On all four-footed things."

'n Ander belangrike gediggie is „Diamanda", 'n vertaling van Heine se „Du hast Diamanten und Perlen." Ook E.A? Schlengemann, die vroeggestorwe dog veelbelowende jong digter uit Stellenbosch, het hiervan 'n vertaling gelewer en dit is interessant om die drie lesings te vergelyk. Visser se poging is egter sonder twyfel die bes-geslaagde van die vertalings, hoewel sy tweede strofe dan 'n bietjie afwyk van die oorspronklike -- dit is egter juis Schlengemann se woordelikse weergawe van hierdie strofe wat sy gediggie ongunstig uit die vergelyking laat tree. Ons haal die drie gedigte volledig aan :

<u>Heine:</u>

> „Du hast Diamanten und Perlen,
> Hast alles, was Menschen begehr,
> Und hast die schönsten Augen --
> Mein Liebchen, was willst du mehr ?
>
> Auf deine schönen Augen
> Hab' ich ein ganzes Heer
> Von ewigen Liedern gedichtet --
> Mein Liebchen was willst du mehr ?
>
> Mit deinen schönen Augen
> Hast du mich gequält so sehr,
> Und hast mich zu Grunde gerichtet --
> Mein Liebchen, was willst du mehr ?"

Visser:

„Jy het diamante wat skitter,
Jy 't wat 'n mens kan begeer;
Want jy het die skattigste ogies --
Klein liefling, wat wil jy nog meer ?

Ek delf in my brein - ag! - wanhopig
Vir woorde so gloeiend, so teer
Soos daardie betowerende ogies --
Klein liefling, wat wil jy nog meer ?

En met die verleidelike ogies
Wat my soos twee vlamme verteer,
Rig jy nog die delwer te gronde --
Klein liefling, wat wil jy nog meer?

Schlengemann:

„Jy het diamante en pêrels
Ja, alles wat mens begeer,
En het die mooiste ogies --
My liefste, wat wil jy nog meer ?

Op daardie mooie ogies
Het ek 'n ganse keer
Van ewige liedjies gemaak al --
My liefste, wat wil jy nog meer ?

Met daardie mooie ogies
Het jy my gewond so seer
En het my ten gronde geslae --
My liefste, wat wil jy nog meer ?"

Dan kom ons by die laaste aspek van Visser se poësie wat ons in hierdie afdeling kortliks wil bespreek: Visser is ook liefhebber van die natuur en hoewel ons nêrens onder sy werk 'n „Winterug", „Vlakte" of kleurryke

Karo aantref die, is hy tog 'n meester van siening en kleur op sy eie indiwiduele manier; Safier-rooi vrugte en goue wyn langs die sagvloeiende stroom in sy „Lied van die Wonderboom", rus en vrede langs die kristalhelder water „waar lotusblomme dryf en droom,

najade van die waterstroom" in sy „Purper Iris" wat oor die algemeen gekenmerk word deur 'n „rykdom van kleur en melodie", en dan nog die rake beskrywing van die blitsvoël soos hy hom in metaforiese gedaante aan die inboorlingmentaliteit voordoen in „Impundulu" met sy verdienstelike begin en slotreëls:

„Somers as die weerligstrale
Kettings tower telkemale
Oor die hoogland van Transvaal,
Krimp die kleingoed stil soos muise
In die hoeke van die struise,
Bang vir hardop asemhaal.
---------------------------
Oorverdowend die gesketter
Waar hy alles slaan te pletter,
Hardste ysterklip vergruis."

En dan nog dié pragtige beeld uit „Humoresk:"

„Luidloos is die nag gekom
Met haar sterremantel om,
-- Donker kleed met lig geblom --,
Op Haar bors die maan."

So het Visser steeds met die natuur as agtergrond, gewoonlik slegs voorgestel deur 'n enkele woord of reël, uiting gegee aan sy liefde vir sy medemens en hulde gebring aan sy vaderland en alles wat daarmee in noue verband staan.

## (b) Godsdienstige Verse:

Hoewel Visser geen uitgesproke godsdienstige digter is nie, is sy aandag tog ook telkens in beslag geneem deur die dieper dinge van die lewe en kan ons deur middel van sy digkuns enigsins sy verhouding tot God en die Hiernamaals bepaal. Hierdie godsdienstige element word egter besonder fragmentaries in sy digwerk aangetref -- ons voel dadelik dat ons hier nie mte doen het met die Calvinistiese digter Totius nie, maar dat ons in die geselskap verkeer van iemand wat op sekere bepaalde oomblikke tot God gaan om by Hom hulp te soek en 'n oplossing te vind vir die lewensraaisels en - tragedies wat sy hart omklem.

In Totius se verse, en in „Passieblomme" as geheel, is ons deurgaans bewus dat ons op „gewyde"grond staan, dat die poorte van die Hemel as 't ware vir ons oopgesit word en dat ons 'n blik kan werp op die Ewige lewe. Totius se hele wese is deurdrenk van hierdie goddelikheid en in sy persoonlike liriek kom hierdie innige gevoel die beste tot uiting. In„ Passieblomme" vind ons dan poësie van die mees suiwere klank gedra deur waaragtig deurvoelde en gesublimeerde smart, en soos ok die geval is met die tere vergeet-my-nietjies van „Wilgerboombogies", kry ons hier twee uiteindes: die persoonlike en die ewige wat dikwels saamvloei en 'n suiwer eenheid vorm. Tereg sê Dr. Dekker: „Die Grondtoon van Totius se poësie is weemoed oor die smartlike verlede. Maar as Calvinis sien hy in hierdie lyding die Raadsplan van God wat alles ten beste bestier. Sy vaderlandsliefde staan in die nouste verband met sy Godsdiens, vloei daaruit voort. Hierdie Christelike wêreldbeskouing is die agtergrond van sy hele gevoelslewe en poësie." Dit is 'n suiwer karakteristiek van die digter Totius -- vir hom is God alles en in elke lewensdaad en gebeurtenis sien hy die hand van die Voorsienigheid.

Na die dubbele slag wat die dood van sy twee kindertjies hom besorg het, is dit klaarblyklik dat hy nog verder van die lewe moes verwyder word en dit is dan ook almal weemoedige mymeringe en eensaamheidsbeelde wat in „Passieblomme" aan ons voorgelê word as gevolg van sy naamlose droefheid en verlatenheid. Hy soek na 'n antwoord op sy snikkende vrae en temidde van al hierdie skrynende smart en wanhoop kom hy tog uiteindelik tot berusting in God; dog dit gebeur nie gou nie, want daar is oomblikke wanneer die werklikheid só tot sy bewussyn deurdring dat dit hom geheelenal wil oorweldig, maar hy deurstaan die toets van sy geloof, dié smartbelewing en leer om te berus, om

„net een ding te glowe
en dit is God is goed."

Daar is dus duidelik tekens van 'n worsteling met die Heer ten spyte van sy godsdienstige geloof wat trag om die oorhand te kry en die sekerheid van op God te vertrou te bevestig. Ons sien egter dat in al Totius se poësie sy onwrikbare geloof in God die fondament is waarop sy kuns rus.

Wanneer ons nou by Visser kom, vind ons 'n geheelenal ander soort van godsdiens-uitbeelding; slegs 'n geringe aantal gedigte is deurstraal van 'n beslis ernstige toon, vir 'n groot deel voer die ondeunde in hom die botoon en word Bybelse stof op besonder geestige en speelse wyse verwerk. Hy was 'n digter wat steeds die vrolike, die sonnige sy van die lewe raakgesien het en hy is dus getref deur die lagwekkende en komiese situasies wat, hoewel enigsins in verbloemde vorm, in die Bybel en in algemene godsdiensbeoefening voorkom. En dié dinge word deur hom op so'n meesterlike wyse

voorgestel dat niemand se gevoelens daardeur kan seergemaak word nie: „Dis net die algemeen-menslike wat hy daarin uitbring, want ons mag nooit vergeet dat al die Bybelse helde ook mense was nie en as ons gaan na die les wat daaruit te leer is, dan het dit veral waarde omdat ons, wat die sondige betref, van gelyke bewegings as hulle is." * Op dié gebied is Visser dus die enigste van sy soort -- sy godsdiens is algemeen meer objektief, nie so persoonlik en indiwidueel as Totius en sommige van die jongeres s'n byvoorbeeld nie. Hoewel Visser dus, soos ons sal sien, ook tot God gaan vir 'n oplossing van sy probleme, neig hy oor tot die aanvaarding van 'n meer veralgemeende Godsbegrip en openbaar hy hiermee 'n ietwat panteïstiese neiging; Totius inteendeel verheug hom in sy indiwiduele verhouding jeens God -- is dus hoofsaaklik monoteïsties in sy lewensbeskouing.

Volgens die leer van panteïsme word God en die Heelal vereenselwig -- God is die natuur en die natuur is God; in alles, selfs die allerkleinste, word die ewebeeld van God gesien. Dit is dan in Visser se gevoel vir die natuur dat sy panteïstiese neiging ontdek word, hoewel dit nie as 'n duidelike en persoonlike filosofie uitgedruk word nie. In „Tot waar ons weer die sterre sien" word uiting gegee aan hierdie gevoel van die digter; die almag en alomteenwoordigheid van die „Onpeilbaar Wese" word op tipies panteïstiese wyse uitgedruk:

„Ek lees U skrif op elke rots,  
Ek hoor U stem in die orkaan,  
Ek sien U oog in son en maan  
U hartklop in die golfgeklots.

---

* Kritzinger: Letterkundige Kragte, bls. 77.

U skoonheid straal uit elke roos,
U blydskap klink in kinderlag,
U reinheid daal in sneeuvlok sag
Uit elke wolk U traan van troos.

U voete gaan langs elke weg,
U perke is oneindigheid;
Ons kan geen grens van ruimte of tyd
U teenwoordigheid ontseg."

Dieselfde panteistiese lewensbeskouing straal uit die veel mooier „Gebed" van Van Wyk Louw:

„Groot Gees, Jy wat in die sterre woon,
in stof en blomme en in my --
kan blom en ster die vrede hê
wat ek nie kry, wat ek nie kry ?

Jóu siel is dit, Jóu siel wat ly,
Jóu smart is dit waaruit ek ween --
èk wat 'n droom is wat Jy droom,
Jy wat al-ewig is, al-een."

Wanneer ons egter inagneem dat hierdie gedig van Visser op die oorspronklike Ms., as die eerste deel van „Bede" verskyn, gaan daar lig vir ons op en skyn dit asof dié verheerliking van Gods almag slegs ten doel het om die gebed van hierdie aardbewoner in die regte perspektief te stel -- hy is vervul met die besef van die goedheid en liefde van God, hy wil hulde bring aan sy Vader, Sy mag erken en dan :

„Maar my -- vergun U goede Gees
-- Ek smeek U dit, ek durf nie meer --
'n Plekkie op die aarde weer,
U nuwe aarde wat sal wees."

Meer uitgesproke Bybels is die sonnette-reeks, „ Die Offerande van Isak", waarin die digter ons 'n indrukwekkende voorstelling van die bekende verhaal gee : Ons sien die vader en sy seun oppad na die berg Moria; Abraham geteister deur 'n bange sielestryd en die onskuldige Isak aan sy sy. Die waardige Abraham se gedagtes word teruggevoer na sy huis en na Sara wat reeds angstig wag op die terugkoms van haar enigste en „sielsbeminde" seun, maar die gebod van God moet eerbiedig word:

„God eis" -- sprak hy, „Sy onderpand, my telg."

En watter teerheid en opregte meegevoel straal daar nie uit die volgende sonnet nie, watter pragtige toneel word nie voor ons geestesoog afgespeel nie; dit is die kinderlik-naïewe Isak wat praat, onbewus van die swaard wat reeds bo sy hoof getrek is :

„My vader, waar is dan die offerdier ?
Van stene stewig vas staan die altaar
Die brandhout al gerangskik, alles klaar."
„Dis Gods bevel en wil, my kind, kom hier."

"Gaan vader nou my hande same bind ?
Is ek die offer ? Soen my op my wang
En, vader, hou my vas, ek voel so bang."
„Maak toe jou oë, Izkele my kind."
Hoe jaag die hart wat vaderhand moet tref !
„U, Die my hart in al sy smarte sien,
U smeek ek met die mes omhoog gehef.
Skenk krag en lig, Verbondsgod Die ek dien."
„Doen aan jou kind geen kwaad", roep daar 'n Stem

"Gehoorsaamheid is offerand ' by Hem."

So het Visser dan op eenvoudige en aanskoulike wyse 'n

stukkie suiwer Bybelse geskiedenis verwerk en dit aan ons voorgelê sonder om enige persoonlike gevoelens daar in te sleep. Die simboliek van die hele sonnette-reeks staar ons egter in die oog -- dit is ons eie dappere voorouers wat met 'n onwrikbare geloof in 'n allesoorheersende en allesbestierende God optrek om ook hulle offers te bring. Selfs hier dus kan die ware Afrikaner in Visser nie nalaat om sy stem te laat hoor nie en ons sou selfs so ver kon gaan om die gedig onder sy vaderlandse verse tuis te bring, want nie alleen word eie geskiedenis en volksverlede gesuggereer nie, dog waaragtige Godsvrug en Godsvertroue, wat so'n besondere karakteristiek van die Afrikaner-nasie is, kom hier pragtig tot uiting.

Ook in „Judas" en „Die Donkie" gee Visser bloot objektiewe beskouinge oor Bybelse motiewe, hoewel daar, soos ons later sal sien, ook wel persoonlike ervaring agter skuil. In eersgenoemde vind ons 'n uiters eenvoudige weergawe van die verraaier se gemoedstoestand na hy sy Meester aan die vyande oorgelewer het, maar hoogstaande kuns is dit seker nie -- dit is nou verwant aan die godsdienstige rymelary van vroeër. Ons dink bv. aan „Neef Jan wat versies maak" se „Jezus Hemelvaert" :

„Jezus is omhoog gevare,
Naar de hemel waar Hÿ woon,
Is omring deur Eng'leskare,
Di daar staan rondom Syn troon,
Waar hul loflied ongestoord
Hom ter ere word gehoord." *

Die wanhoop en skrynende berou van Judas word egter treffend uitgebeeld -- ons voel saam met hom en kom tot 'n

---

* Dr. Lydia van Niekerk : "De Eerste Afrse. Taalbeweging", bls. 78.

besef van die ongelukkige en droewige toestand waarin die begeerte na rykdom die mens kan dompel:

„Hoe jaag my pols, hoe hyg my bors,
Wee my ! -- Waarheen my wende ?
Vervloekte geld ! Ag, welk 'n dors --
Welk' wroeging, wat ellende !

O God ! verlam die wreede hand:
O, hoor die harde slae !
My sal tot aan die verste strand
Die milde oë knae.
Onskuldig bloed het ek verraai,
Niks kan my skuld bedelwe,
Hoe word die vlamme ligtelaai ...... !
-----------------------------------

En hy verworg sigselwe."

Ten spyte van enige gebreke is die skepping van atmosfeer besonder geslaagd: ons vind 'n geleidelike versnelling van tempo wat opwerk tot die raserny van Judas en die uiteindelike tragiese klimaks wat in die slotreël vervat word.

Ook „Die Donkie" lewer geen grootse uitbeelding nie en dit lyk asof die digter soms baie na aan rymelary staan, maar vir die onderwerp onder behandeling skyn dit tog doeltreffend te wees -- 'n goeie beeld word gevorm van dié onaansienlike, slaperige lasdier wat tog darem éénkeer die grootste eer te beurt geval het.

„Laat staan die kindertjies en verhinder hulle nie om na My te kom nie, want van die sodanige is die Koninkryk van die Hemele." Hierdie vers vorm die kern van „Kinderkrans," 'n ander Bybelse verhaal wat pragtig vertel word en groot byval by kinders sal vind. Saam

met „Pelgrimslouse" is hierdie gedig uit dankbaarheid vir die herstel van Dr. Visser se jongste seun na 'n ernstige siekbed in 1928, opgedra aan Mej. Charlotte Louw „Ter herinnering aan die Vyfentwintigste Verjaarsdag van die Kinderkrans, Heidelberg, Tvl." Eenvoudig en liefdevol word die storie ontvou: Ons sien die vermoeide Heiland met die disiepels aan Sy sy, omring deur talle van kindertjies, die groot skare van mense wat eindelik huiswaarts keer, en as die son wegduik in die weste, werp hy

„Sy laaste goue glans
Op Jesus en die kleintjies:
Die eerste Kinderkrans ! "

Die toneel leef voor ons geestesoog en Visser bereik veel deur die gebruik van eenvoudige, tipies-Afrikaanse woorde en uitdrukkinge, soos:

Bring hier tot My die KLEINGOED
En laat hul om My staan."

Watter kind sal nou nie somar dadelik tuisvoel en met aandag luister as die Bybel só aan hom verduidelik word nie

Hiermee is die aantal voorbeelde van eenvoudige weergawe, van herbeelding van Bybelse stof by Visser dan ook feitlik uitgeput. Dit wil egter nie sê dat hy geen verdere aanduiding van sy aanvaarding van die Christelike geloof, van sy verhouding tot lewe en ewigheid aan ons gegee het nie; inteendeel, deur medium van sy digkuns word ons duidelik ingelig aangaande sy opvattinge omtrent die hele lewensweg soos dit gebaseer is op sy godsdienstige oortuiginge, m.a.w. ons kry 'n duidelike blik op Visser se lewensfilosofie:

Eerstens die wonder van ons ontstaan en geboorte: Pragtig word die goddelikheid van die geboorte weergee

in „Moederliefde" wat seker een van die mooiste verse is wat Visser gedig het:

„Langs die blou pad van die stilte,
In 'n wydgewiekte vlug,
Met die eeue op haar vlerke
Klief 'n Engelin die lug."

totdat sy aanland

„In die Skemerland van Sluimer
Waar die kleine sieltjies wag
Op die stonde van ontwaking,
Op die eerste lewensdag."

Die wordingswonder geskied en

„Luidloos weef die skikgodinne
Onherroeplik elke draad
Van oorerwing en omgewing
Voortbestemming, goed en kwaad.

Met 'n teerheid onuitspreeklik
Met 'n soete siddering
Spreek sy :,Ek heet Moederliefde
Welkom kleine vreemdeling ! ' "

Vergelyk dit met Celliers se „Ontstaan" uit „Liefde-lewe" waar dergelike stof behandel word. Die ooreenkoms is hier so kennelik opvallend dat 'n mens miskien geregtig is om te praat vanindirekte invloed of selfs navolging. Die eendersheid spreek duidelik uit die volgende :

„Engel, gaan op my versoek,
haal die gees daar, daardie kiempie;
in die wêreld waar hy tuis is,
is vir hom nie meer te leer nie.
Bring hom na die aarde toe."

Die tog word aanvaar

„na 'n vrindelike huisie
Waar 'n wiegie ledig staan;" en watter vreugde heers dan nie daar nie:

„Blye sonskyn op die velde --
Sonskyn in twee harte bly --
Want 'n kindjie is gebore
En 'n huis gebenedy ! "

So doen die mens dan sy intrede in die wêreld, maar sterk dring die besef van die nietigheid en kortstondigheid van die lewe by die digter deur wanneer hy aan dié magtige bergreuse dink wat net soos hy deur dieselfde Bouheer se skeppende Hande gegaan het:

„O Berge, ons vertoef hier net een dag;
U staan so onvergeetlik vas en pal
En roep: ‚U dag is kort, O leef en lag;
Vervul u rol, totdat die voorhang val;
Dans voort tot die musiek verstom oplaas;
En speel totdat die fluit die aftog blaas ! ' "

Wanneer ons dan eendag die opdraand uit is en stilhou met die span, moet ons die teuels aan 'n ander kan gee met die woorde:

„Die weg is oop, die weg gebaan ! "

Dié ideaal kan alleen bereik word wanneer ons voortbou op 'n hegte, vaste fondament

„Met niks onedel, niks gemeen,
Geen kromme hout, geen slegte steen;
Noukeurig elke onderdeel
Verenig tot een groot geheel --
'n Sieraad wat die Bouheer toon;
't Was om die werk, nie om die loon."

Slegs dan sal ons die volle heerlikheid kan smaak wanneer die Meester aan ons toeroep:

" Getroue Dienskneg, welgedaan ! "

Treffend ook is die uitbeelding van die lewens-simboliek in „Die Tuinman" wat geskryf is na aanleiding van 'n ernstige siekbed van die digter in 1934: „Hierin sien ons Visser as die gelowige Christen wat begeer om, ,saggies weggehark te word, tesame met die roos.' " *

Pragtig is die weergawe in „Suster Sonneskyn" van waaragtige geloof en ware godsvrug soos dit ten volle uitgeleef word tot nut van die minderbevoorregte medemens deur hierdie ewebeeld van Dr. Visser se ideale verpleegster -- die destydse matrone van die hospitaal te Heidelberg. Die eerste en grootste plig is om haar taak op aarde getrou te verrig, haar hele wese is dan ook deurstraal van blymoedigheid, liefde en geloof --

„Ja, in owervloed,
Al loop sy nooit-nee nooit - daarmee te koop."

Maar as sy eendag aanland daar anderkant die donkerstroom, sal sy haar verdiende vergoeding en alle regmatige eer ontvang:

„Ek hoor reeds die Engel met sy stem so sterk
Luid roep, die dag as alle Skyn verdwyn:
,STAAN TERUG DAAR, HERE PRINSE VAN DIE KERK,
VIR SUSTER SONNESKYN ! ' "

Maar hierdie ware godsdienssin, dié onbreekbare band met God en Sy Woord soos ons voorouers dit so duidelik openbaar het, mis Visser in die gevoel en gejaag van

---

* Jaarboek, Afrikaanse Skrywerskring, 1936: bls. 64.

die moderne lewe. Hierdie dinge wil hy dus weer aan ons bring deur medium van sy digkuns en dit is waarom Dr. Haarhoff kan praat van „ware „pietas", eerbied vir die eenvoudige en egte godsdienssin van ons boeremense wat nie vergeefs by Visser gesoek word nie. In die Kristelike gees en karakter van daardie huisgesinne vind hy geestesverkwikking: dit is vir hom die gees wat tel, nie dogma en konvensie en tekskritiek nie. Bodemvas, maar nie ystervas en onrekbaar nie, laat hy wat eerste is, eerste kom." * Hy wil dus terugkeer na sy geliefde ou Karo waarheen hy so dikwels verlang; vas staan sy geloof in die naïewe onbedorwenheid van die Karomens en hy wil wegvlug van hierdie skyn en dun vernis wat die lewe omhul want

„Daar moet nog êrens mense wees
-- Ver in die vaal Karo --
Wat sawens nog die Bybel lees
En aan Sy boodskap glo;

Waar smôrens nog weerklink 'n lied
Op stil-gewyde toon
En waar die Heer Sy seën gebied
Omdat daar liefde woon."

Soos die Verlore Soon van ouds sal hy opstaan en daarheen teruggaan met die één bede:

"Hier iewers op die vrye veld,
Met geur van awendblom,
Sononder op die wye veld --
Laat hier ........ Die Donker kom ! "

Onwillekeurig word ons gedagtes teruggevoer na Toon van den Heever se skitterende gedig, „In die Hoëveld " waarin

---

* Inleiding tot " Die purper Iris".

dieslfde hunkering na godsvertroue te bespeur is. In dié roerende gedig word die hartstogtelike verlange van myntoringlyer na sy tuiste beskrŷf soos hy geknel sit in die grepe van 'n materialistiese beskawing:

„In die Hoëveld waar dit oop is en die hemel wyd daarbo
Waar kuddes waaigras huppel oor die veld,
Waar 'n mens nog vry kan asemhaal en aan 'n God kan glo
Staan my huisie, wat ek moes verlaat vir geld."

Ook Leipoldt gee uiting aan dieslfde gevoel wat so sterk uit die verse van Visser en Van den Heever spreek :

„Hier wil ek rus op ons vaal Karoo,
Hier Hier waar die veld en leegte is
Hier, by die slang en die akkedis,
Hier, met die hemel blou daarbo.
Grawe hier, boetie, 'n graf vir my:
Hier is ek tuis, my land is hier."

Nou verbonde aan hierdie gedigte is die „elegiese gevoelsuiting" van die digter soos hy dit in etlike verse openbaar. So dink ons in die eerste plek aan die gevoelvolle „Laetitia " waarin Visser se weemoedige gedagtes teruggevoer word tot sy eerste vrou; hy volg haar na op haar lewensweg tot die dood haar van hom skei en dan is dit

„'n Lied van marmer-wit gesig,
Van dierb're oë sonder lig;
Die liewe lippe bleek en kil,
Die warme hart vir ewig stil,
Die hande op haar bors gekruis,
Vir lange rus in laaste huis;
Madonnalelies op haar skoot.
O, kalme skoonheid van die dood !

Die Heer het menig ligpaleis,
En daarheen sal haar siele rys,
En daarheen volg my liefd' haar na,
Laetitia Beatifica ! "

En hoe word ons nôe ontroer deur die waaragtige gevoel wat in „Klein Sonneskyn" en „In Manus Tuas Domine" openbaar word nie. Laasgenoemde isgeïnspireer deur die hopie vars gruis waaronder die seuntjie van sy skoonsuster vir ewig gebêre lê -- „Klein Gielie is nie meer nie, en die wêrelê is 'n liewe glimlaggie armer." Die lieflike toekomsdrome is vergoed verydel en die ouers staan verbyster by die graf van hul kindjie:

„Waartoe die lewenswonder,
As in U hoë raad
Sy son weer moes ten onder
Nog met die daeraad ? "

Maar dan ruis die fluisterende antwoord van die Heer om hulle hoofde en hul vind berusting want hy tog maar „Uit Vaderhand ontvange" :

en terug „In Vaderarme weer."

Dieslefde roubeklag spreek uit „Klein Sonneskyn" en ons meegevoel ga^n uit tot die bedroefde moeder wat met leë hande agterbly, en slegs 'n snikgebed kan opstuur na haar Vader :

„Hoed ook my lam, O lam van God,
O Kindervriend en Hoeder
Wie kan hom in die Groot Heelal
So lief hê soos sy moeder ? "

Ons kan dus na aanleiding van die voorafgaande behandeling van sy verse, 'n duidelike begrip kry van Dr. Visser se filosofie, sy ware geloof en godsdienssin soos hy dit ook

so duidelik uitgeleef het in sy daelikse handel en wandel.

Daar is egter nog 'n ander aspek van sy godsdienstige poësie waarby ons moet stilstaan, n.l., sy geestige verwerkinge van godsdienstige motiewe waarna ons reeds verwys het. Tereg beweer Dr. Kritzinger: „Hierdie gedggte staan in verband met die Bybel, maar op 'n onortodokse wyse word alles voorgestel. Dis die platjie wat aan die woord is en die wonderlike teenstelling wat dit met die tradisionele Bybelse vorm, laat 'n mens lag, al voel 'n mens plek-plek effens skrikkerig dat dit dalk aanstoot sal gee, veral by die ouer geslag wat die Bybel letterlik opneem." *

Een van die beste voorbeelde hiervan is die alombekende „Wit en Swart" wat jarelank in Dr. Visser se skryftafel gelê het voor dit eindelik met huiwering in „Die Huisgenoot" publiseer is. By Dr. Leipoldt het die gediggie dadelik groot byval gevind en in 'n brief aan Visser het hy dan ook sy ingenomenheid daarmee te kenne gegee. Interessant is die antwoord van Visser wat as volg lui : „Jou brief was 'n aangename verrassing. Dit is heel vriendelik van jou en ek hoef nie te sê dat ek waardering van een van die ‚Big Four ' hoog op prys stel nie. Eugène Marais het my slegte moed ingepraat. G'n Afrikaanse blad, het hy gemeen, sou dit opneem nie. Die kerklike seksie sou daarin die perdehoef van twyfel sien. Prof. Smith het dit gelees en saamgeneem Kaap-toe en aan ‚Die Huisgenoot' oorhandig. Hulle het baie lank geaarsel om „Wit en Swart" te druk. Onlangs het ek hulle 'n nie

---

* Kritzinger: Letterkundige Kragte, bls. 76.

onverdienstelike ( so meen Marais altans) stuk gestuur wat die lof van die Wyn besing. As hulle dit druk, sal jyself kan oordeel ...... " * Die gedig waarvan hier sprake is, is naamlik die fyn satiriese „Nat en Sap;" raak segging en gepaste woordspelinge maak daarvan 'n groot sukses. Dit gaan waarlik moeilik om 'n glimlag te bedwing by die lees van die volgende kostelike toneeltjie :"

„Kom Sem en Gammie, maak nou gou
Vir Pa mooi reguit slootjies;
En Jaaf, my kind, kom plant jy nou
Vir Pa die wingerdlootjies."

En dan die kwinkslag in die laaste strofe:

„Die kromhout groei, en Noag skink
Sy sap 'n bietjie later.
Daarin is sedert meer verdrink
As in die Vloed se water ! "

Dergelike geestigheid vind ons in „ Toe die Wêreld nog Jonk was" -- 'n stukkie geskiedenis uit die dae van Metusalem,

„Die man wat hul -- dit sal jy sien
Vermenigvuldig het hy tien ! "

Soos Dr. E.C. Pienaar so duidelik aantoon „ sit die geestige van die hele jongwêreldse bedryf veral in die ongesogte patriargaal-Afrikaanse atmosfeer wat hier voortdurend gesuggereer word, So Lewenswaar is die voorstelling dat Metusalem ten slotte in lewende gestalte voor ons staan as oertipe van ons eie Boerebeskawing, waar hy op die dorp gaan woon vlak by die dokter en die predikant:

---

* "Die Huisgenoot" , 21 Junie 1929.

„En so verslyt Metusalem
Sy ou-dag op Jerusalem,
En drink en rook op sy gemak
Sy koffie en sy pyp tabak ....... "

Ander voorbeelde van dié verse vind ons in sommige van die „Borsbeeldjies", „In die Katkisasieklas", „Profeteer of Profiteer" („the one poem in the book which, for all its fun and exuberance of rhyme, is to be deprecated for various reasons" * ), „In den Beginne" en eindelik „Adam of die Paradys Herwonne."

---

* Cape Times , 1 Desember 1927 : Kritiek oor „Rose van Herinnering."

## (c) VADERLANDSE VERSE.

Naas sy liefdevolle en vertroulike verhouding jeens God, en in noue verband daarmee, staan Dr. Visser se gesonde patriotisme soos blyk uit sy volksgedigte; hy is volksman in die ware sin van die woord, maar nooit voel 'n mens dat sy liefde vir volk en vaderland ontaard in chauvinisme nie -- hy gee slegs uiting aan sy eer en bewondering vir ons roemryke volksverlede, ons heldhaftige voorgeslag en wat eie is aan ons geliefde Afrikaanse bodem.

Die ware Aftikaanse volksiel in al sy verskeidenheid word dan ook aan ons deur die digter geopenbaar; selfs die naturelle-wêreld tree hy binne, verplaas ons sodoende in 'n atmosfeer van agterlike Kaffermentaliteit en gee ons 'n blik ook in hulle lewenstoestande en verlede. Dit is egter te betreur dat hy slegs drie van hierdie gedigte aan ons kon nagelaat het, nl. „Impundulu", „Amakeia" en „Umzinyati"; saam met Eugene Marais se „Towenares", „Dans van die Reën", „Woestynlewerkie" en „Mabalel", is dit feitlik die enigste poësie in ons letterkunde wat deur die inboorling geïnspireer is.

„Umzinyati" behandel voorvalle uit die geskiedkundige Slag van Bloedrivier, soos gesien uit die oogpunt van die Kaffer. Eers die voorbereidsels vir die slag: ongeduldig wag die impis op die bevele van die groot Dabulamanzi want

> „Ons asgaaie roes van stil-lê,
> Vra 'n vete om te wreek."

Die aanval word gemaak, maar

> „Dis geen slag nie, maar 'n slagting --
> Ydel is ons hoogste moed:
> Op die water dryf die skilde --
> Op die water rooi van bloed ! "

Op die walle van die Umzinyati is dit egter die Godvresende Trekkers wat die oorwinning vier deur hulde te bring aan Wie dit toekom :

„Prys den Heer met blÿde galmen."

Ook „Amakeia" is geskiedkundig-verhalend en speel in die Sesde Kafferoorlog. Pragtig iê die tekening van die getroue ou Kaffermeid; tereg beweer Dr. Haarhoff dat Visser getrou gebly het aan die humanistiese ideaal: „Niks wat menslik was het hy hom vreemd geag nie", en daarom kon hy volle erkenning gee aan wat edel en skoon is, selfs by ou aia Amakeia. Roerend is die toneeltjie wat in die laaste strofes afgespeel word:

„,My belofte aan my nonna --
Beste wat daar ooit nog was --
Waar hy gaan, moet Amakeia
Saamgaan om hom op te pas.'

,Is jul lewend nie te skei nie
Blyf dan in die dood vereen --
Kort proses met haar, Maxosas,
Laat die blink asgaaie reën ! '

---

In die Amatola-klowe
Sing nog net die winterwind
Deur die riete in die maanskyn:
,Tula - Tula - stil, my kind ! "

Hoewel ons slegs drie Kaffergedigte van Visser in druk besit is dit gladnie die enigste wat hy ooit uit sy pen laat vloei het nie. Sy verdere werk op dié gebied moet egter hoofsaaklik in verband gebring word met die toonkuns. Visser het besonder baie belanggestel in die musiek van die naturelle en hy het steeds in aanraking met Fort Hare en Lovedale gebly waar hy skitterende

vondse gemaak het deur die baie Bantoe liedjies wat hy raakgeloop het. Geïnspireer deur die oorspronklike dog mondelingevoorbeelde, het hy self aan die werk gegaan, nuwe liedjies geskep en oues hersien met die hulp van die Kafferpolisie wat hom met betrekking tot taalvorme die regte weg aangewys het. Een van hierdie versies, „Tula, Babani", 'n Xosa-slaapliedjie, vind ons in „Die Purper Iris."

Dit is egter veral in sy liefde vir eie volk en vaderland dat ons wat dié deel van sy skeppingswerk betref, in noue aanraking met die digter se eie gevoel en gedagte-wêreld gebring word. Dit is opvallend, dog ook in sekere sin vanselfsprekend, watter noue samehang daar bestaan tussen ons volks geskiedenis, in besonder die Tweede Vryheidsoorlog, en die Afrikaanse letterkunde. Ons moet slegs die letterkunde in oënskou neem om te kan besef watter ontsaglike rol die oorlog gespeel het in die skeppingskrag van ons digters en prosaïste; so groot is die besieling wat uit daardie historiese gebeurtenis uitgestraal het, dat ons vandag met reg kan praat van 'n Afrikaanse Oorlogsliteratuur. Ons dink bv., aan die deur die oorlog geïnspireerde liriek van Leipoldt, Celliers en Totius; die verouderde prosawerk van J.H.H. de Waal, D.F. Malherbe en Jochem van Bruggen; en vandag sien ons 'n hernieude belangstelling in oorlogsherinneringe en dagboeke -- ons dink aan die Geskiedenisserie van die Nasionale Pers met medewerkers soos Gustav Preller, Mev. E, Neethling, C.J. Scheepers-Strydom, Sarah Raal ens.

Ook Visser se hartsnare is deur die gebeurtenisse van omstreeks 1900 in beroering gebring en hoewel hy nie soos die reeds genoemde digters aktief aan die

stryd kon deelneem nie, het hy dit in gees saam met hulle deurworstel. Ons vind dan ook nie by hom sulke direkte en deurleefde weergawes van gebeurtenisse en tonele uit daardie woelige jare soos by Celliers en Leipoldt nie ( dink maar o.a. aan Oorlogsiklus uit die Vlaktebundel en aan die ontroerende „Oom Gert Vertel".), maar hy besigtig die dinge van 'n groter afstand en as volksdigter huldig hy meer sy volkshelde en hulle onsterflike nagedagtenis.

Ons moet hier onthou dat Visser gedurende die Tweede Vryheidsoorlog uit die land verban is deurdat hy nie sy gevoelens en verhouding jeens die Engelsekon beteuel nie. Die haat van die vyand het veral teen hom ontvlam toe hy 'n besonder warm en heftige politieke gedig onder sy vriende sirkuleer het . Dit was dan ook so hittete of hy het in die gevangenis beland, maar sy skerpsinnigheid en ratsheid het hom onraad laat bespeur en kon hy naelskraap ontsnap. Om begryplike redes kon hierdie gedig nie bekend gemaak word nie. Daardie was bitter dae in die lewe van die digter, maar met 'n glimlag het hy dit gedra en moes hy van veraf toesien hoe die vryheid van sy volk aan bande gelê word. Is dit dan te verwonder dat 'n vryheidswekroep die grondslag vorm waarop die' vurige jong patriot sy vaderlandsverse gebou het ? ---

„Vryheid, woord van alle woorde
Wat die mensehart beroer,
Op jou wekroep na die Noorde
Trek die stoere, kleine Boer."

Of soos dit by Jan Celliers fier opklink:

„Maar vryheid was die leuse
on noordwaarts was die trek."
„Jukke mag vir slawe wees:
Manneharte ken geen vrees,
duld geen boei vir lyf of gees:
Vryheid, Vryheid ! "

Ons kan dan ook met 'n sekere mate van juistheid beweer dat Visser se volksgeloofbelydenis beliggaam is in die byna bittere smeekgebed „Vry", want

„Op swarte agtergrond van al wat ons moet ly
Blink as 'n ster in duist're nag die een woord: VRY! "

Treffend is die stygende ritme van die gedig waardeur die styging, die opsweep van sy eie gevoel vir sy verdrukte volk roerend geskilder word. Dit is die hele geskiedenis van die Afrikaner nasie wat hier in 'n paar reëltjies soos in 'n kaleidoskoop voor ons verbytrek, voortgedryf deur die vryheidsideaal wat maar nie verwesenlik kan word nie;

„U het, O Heer, ons volk met eie hand
Gelei, opdat hul rein U woord bewaar,
Van Noord tot Suid langs weë wonderbaar
En onder vreemde sterre hier geplant.
‚Om vryheidswil, verlaat die Suiderstrand
Trek Noord en deins terug vir geen gevaar ! '
't Was U bevel. Van Kaap tot Ewenaar
Lê nog ons bloedspoor deur die donker land !
Om weer - die vadererf verwoes, verbrand --
Na naamloos' leed die onderspit te delf
In ongelyke stryd teen dwinglandy !
Ai my ! Ons ken geen ander vaderland.
Die drang na vryheid kom tog van U self;
Maak, Heer, ons volk, U Benjamin, weer vry ! "

Oor die berge van die Boland tot ver oor die vlaktes van die Vrystaat sweef die gees van vryheid. Waarom sal hy dan stilsit en toelaat dat sy volk se tradisies in die modder vertrap word deur 'n vreemde heerskappy ? Nee, die ontwaking het gekom, niemand sal oor hom meer diktator speel nie:

„Ek het 'n arm, ek het 'n vuis:
'k Wil pal staan vir my goeie reg
En baas wees in my eie huis --
Daar lê die baadjie van die Kneg !

Die tyd van soebat is verby
En mooi-praat is nie meer die plan:
'n Plekkie in die son vir my --
Die regte van 'n vrye man ! "

Reeds ons Hugenote-voorouers het daardie ideaal aan ons verkondig :

„Sy landgoed lê aan die Loire --
Maar vryheidsliefde was die drang
Wat hom gevoer het oor die bare
Na verre Pêrelberg se hang."

En wanneer wyle die heer J.E. de Villiers, vader van die Helpmekaarbeweging, in gryse ouderdom deur sy vrugteboorde dwaal, verneem hy 'n noodkreet uit die Noorde, geuiter deur sy stamgenote, want

„„Die vryheidsdag -- die langverwagte --
Was maar 'n valse daeraad ......... "
En in sy siel rys die gedagte
Wat uitloop op die reddingsdaad:
Die bloedgeld moet ons help betaal ......
Vir vryheid ..... vir 'n ideaal ! "

Waar die veldheer Bonaparte, saam met sy volk inspirasie,

krag en deursettingsvermoë kon vind in die bruisende ritme van die Marseillaise, moet ons so'n steun ontbeer:

„O, vir 'n lied wat vleuels dra,
'n Lied vir jong Suid-Afrika !
'n Wonderlied van vuur en gloed
Wat, wie dit hoor, laat sê : Ek moet !
'n Lied wat albesielend tràl,
Wat, wie dit sing, laat voel: Ek wil !
Die matte vrou, die moeë man
Weermoed laat skep en dink: Ek kan !
En of ek staan dan of ek val ......
Ek moet - ek WIL - ek KAN - ek SAL ! "

Die besieling is daar, waarvoor sal ons dan wag ? Kragtig en fors weerklink die oproep om agter die vryheidsvlag aan te trek:

„Nimmer of nou ! - tot die burger wat twyfel
Wat is sy dure, sy heilige plig;
Nimmer of nou ! - tot die stryder wat weifel
Met die oorwinning reeds byna in sig;
Jubel en juig met al luider beklemming:
‚Volg die Oranje, die Blanje, die Blou !
Nou is die dag, nou die uur van bestemming.
Werda ? Suid-Afrika: Nimmer of nou ! ' "

Maar niks word sonder opoffering verkry nie -- selfs bloedoffers, ook van onskuldige moeders en kinders, is nie te veel gevra wanneer ons ideale in die weegskaal lê nie:

„Vryheid verg hier vanuit onse geleed're,
Manne van moed wat gevare uittart.
Maar in die kamp ook die moeder, die teed're
En die onskuldige kind aan haar hart.

Wie by ons aansluit het net een verwagting:
Daagliks die dood in die oë te kyk,
Honger en dors te verduur met veragting;
Nimmer die eindpaal of doel te bereik.

En die beloning ?...... Miskien op die velde
Eensaam 'n rusplaas, benat deur geen traan."

Één ding is seker:

„Swaar - hoe swaar ook al - die smarte,
Duur - hoe duur - die prys ,
Nooit vergeefs die offerande
Wat die vryheid eis.

Skyn die nag so lank, so donker,
Skyn die dag so ver,
Rus in vrede: In die ooste
Blink die môrester ! "

Al skyn al ons swaarkry soms tevergeefs, al wil ons moed verloor wanneer ons nie dadelik ons einddoel bereik nie, word ons daaraan herinner dat die uitspanplek onder die winkende Vryheidster nog ver vorentoe lê, dat ons moet pal staan en verder trek,

„Dat die stryd nooit is verlore,
Want die vryheidsideaal
Word steeds uit haar as herbore,
Tot sy glansryk segepraal."

Dan sal

„Kuns en kennis, lig en lewe
Bloei en blink waar haar banier
Wuif en wapper, swaai en swewe,
Bande - brekend segevier ! "

Visser was dan ook in hart en siel oortuig van die verwesenliking van hierdie vryheidsideaal; nooit raak hy verbitter nie, maar sterk is sy geloof in 'n vrye Suid-Afrika van die toekoms -- 'n besielende optimisme

straal bv., uit „Hoop"; hoop, wat die dryfveer van ons hele lewe is. Dit is sekerlik geen toeval dat dié gedig aan die end van die afdeling „Volk en Vaderland" gedruk staan nie; wanneer alles reeds verby is, kan ons indien Hoop ons nog nie verlaat het nie, met 'n verwagtende blik die toekoms tegemoet staar, want

„Sag fluister sy in ieders oor:
'n Nuwe uitsig blink daar voor
Waar groue newels van die nag
Wyk vir die wonder van die dag."

Dit is daarom dat die nagedagtenis van die onverskrokke manne, volkshelde in die ware sin van die woord, wat hul kragte, ja selfs hulle lewens geoffer het in diens van hul land en volk, deur die digter vereer word in gedagte soos „Ruiters van die Nag", „Die Jongste Burger" en „Voor in die Wapad brand 'n lig." Vir Generaal Christiaan de Wet, held van die Tweede Vryheidsoorlog en weens sy onverskrokkenheid en ratsheid die ideaal van elke skoolseun, koester Visser 'n byna sentimentele bewondering. Lewendig-realisties word sy avonture aan ons vertel:

„Tienmaal tienduisend ruk op teen De Wet
Boerridder, held, sonder blaam, sonder smet,
Vas is hy weer vir die soveelste maal,
Vas in 'n dreigende ringmuur van staal,
Longtom en lugballon --
Pompom en snelkanon --
Helios sein: ,Elke weg is versper;
Meld aan Brittanje,
Held van Oranje
Christian de Wet het geval soos 'n ster! "

Maar moenie glo nie, want soos Keet dit uitdruk:

„De Wet was hier, De Wet was daar,
De Wet was vasgekeer;
Maar dit was glad nie, glad nie waar --
Hy flous hul telkens weer ! "

So gaan hy voort steeds aan die voorpunt van sy kommando, met die bede

„Wapper Oranjevaan
Dapper teen stormwind aan:
Bloedbevlek, stukgeskiet, waai oor ons vry !
Merk, Heer, ons lyde
Sterk weer ten stryde:
Vegters vir vryheid -- dis opsaal en ry ! "

Dan verrys daar voor ons geestesoog die waardige gestalte van Paul Kruger -- vir die digter 'n held van jeug tot sterwensuur. Ons volg hom as seun op die trekpad na die Noorde; ons leer hom ken as jongman in sy eerste liefde, as krygsman op die oorlogsveld; met hom sien ons hoe

„Sware, swarte onweerswolke
Saamtrek oor die jonge staat,
Benjamin van al die volke,
Prooi van hebsug, nyd en haat."

En in die aand van synlewe vergesel ons hom in sy ballingskap, vér verwyder van huis en haard, eensaam en alleen in die verre vreemde.

„In die land van sneeu en koue
Peins oorstelp die gryse held,
Enkel met sy Godsvertroue
En verlange na sy veld:
Hoor hom smeek: ‚Heer, dis genoeg;
Roep die landsman van die ploeg:
Hy's gedaan, Heer, hy is moeg !

U, die Kenner van die harte,
Weet wat elke hart kan dra.
Lenig, Man van Smart, die smarte
Van verwond' Suid-Afrika.'
Sterwend'straal sy aangesig:
Voor in die wapad brand 'n lig ! "

Watter patetiese beeld roep dié strofe hie voor ons op nie; selfs in die laaste ure van sy lewe is sy gedagtes nog gerig op sy geliefde Vaderland en Republiek; kan ons anders dan om met ontblote hoof die nagedagtenis van so'n volksman te eerbiedig.? Watter onskatbare dienste het hy nie vir sy volk bewys deur daad en voorbeeld nie. Saam met die digter wil ons roep:

„Kom t'rug Oom Paul ! Joubert, keer weer,
Groot geeste van verlede.
Kom ons weer eensgesindheid leer,
Verdraagsaamheid en vrede."

Hoewel Visser ons deur sy verse hie direk te midde van enige oorlogsgeweld voer nie -- soos ok te verstaan is van iemand wat die stryd vanuit 'n afstand moes meemaak -- aanskou ons tog met hom die smart en lyding wat deur man, vrou en kind in tyd van oorlog moet verduur word. Hoeveel lewens word nie vir ewig geknak op die slagveld en in die konsentrasie-kamp nie; hoeveel harte word nie gebreek nie ! En die wrede oomblik van afskeid tussen man en vrou, vader en kinders, die jongeling en sy beminde !

„As die oproep weerklink: Na die strydperk van eer
Want die vaderland is in gevaar,
Saal die burger sy perd op en gryp sy geweer,
En die ure van afskeid is daar."

Hoeveel word nie gesuggereer in dié paar versreëls nie !
Breedvoeriger, dog veel swakker, sê hy dit elders in een van sy liedjies:

„Die oorlog dreig alweer
So klink die droewe maar;
Daar word gekommandeer,
Want die land is in gevaar.
Persoon, perd, saal en toom,
Provisie vir 'n week.
Die mouser blink, patrone in
Die bandolier gesteek.
As al die and're gaan,
Sal ek by die huis nie bly.
Die nooientjies van die Vrystaat
Verlaat hul net op my;
En daarom gaan ek veg
VIR VRYHEID EN VIR REG
-- VIR VRY SUID-AFRIKA."

Eindelik die vrede ........

„Al die burgers kom tuis en sy soek langs die ry
Vir 'n lang lang verwagte gesig
Hulle kom, hulle gaan, nou is almal verby.....
Uit haar wesê verdwyn al die lig;
En die lied, soveel male herhaal al, verstom......
Hy lê ver op die slagveld van eer ........
As hy kom, as hy kom..... hy sal nimmer weer kom--
Net verlange en hartseer kom weer."

Dieselfde gedagte spreek uit die geskiedkundig-verhalende „Na die Stryd". Hier word die mees patetiese toneel voor ons oë ontvou: 'n moeder word tot raserny gedryf wanneer haar seun nie op die verwagte oomblik saam met die ander

Boere-gevangenes uit Indië terugkeer nie. En die kindertjies ? Hoe moet hulle nie ly nie:

„In die plaas van verdriet en van loodsware harte
Lê 'n knapie te snik in 'n troost'loos geween.
O wie tel al die trane, wie meet al die smarte
Van 'n weeskind verlate, op die wêreld alleen ! "

Deur geheel ons land staan talle van monumente, granietblokke wat tot in lengte van dae sal getuig van „die liewe onskuld" wat meedoënloos die Ewigheid ingeslinger is. Saam met Visser staan ons met geboë hoof voor die Kindermonument te Heidelberg en vind daar krag en inspirasie vir ons grootse taak in diens van Suid-Afrika:

„Rus in vrede, tere bloeisels,
-- Offers van die storm --
Want uit weke moedertrane
Is die steen gevorm.

Blomme van 'n later lente
Laat die boodskap weet:
Sê in liefde aan ons dode
Ons het nie vergeet.

Kleine Afrikaner-stemme,
-- In ons eie taal --
Bring hier toegewyde hulde
Aan 'n ideaal.

Kleine Afrikaner-harte
Voel hier sterk en groot:
Want besieling vloei uit lyde--
Lewe uit die dood.

Kleine Afrikaner-hande
Sal die fakkels dra
-- Wat aan julle vroeg ontval is --
Vir Suid-Afrika.

Dan vergesel ons die treurende moeder na die kinderkerkhof by Irene:

„Daar waar die graffies lê in rytjies
Daar is begrawe my aards' geluk
Twee kleine bleke kindergesiggies
Wreed van hul moedershart geruk."

Watter bitter, dog ook heldhaftige en lofwaardige rol het die Afrikaanse vrou en moeder nie deur dit alles gespeel nie. Met Visser kan ons haar oor deur saam met hom haar lof te sing:

„Die diepste smart het sy geduldig
Gedra die eed'le Boerevrou
Deur al haar leed so menigvuldig
Het sy haar hoof steeds hoog gehou.
Selfs toe haar huis die vlam ten prooi word
Verlore al haar aards' besit
Spreek sy: Vir jou gee ek gewillig,
O land, my land ! nog meer as dit !

En toe haar seun, haar al op aarde,
'n Vroeë graf vind op die veld,
Roep sy met trots: 'k Bedwing my trane,
Ek was die moeder van 'n held !
Hy rus in vaderlandse aarde
Trou waak die sterre oor sy graf
En vir ons Vryheid -- O, vrywillig --
Lê ek my lewe ook nog af."

Waarlik,

„Vaderlandsliefde, U eise is hoog ! "

Maar dit sou onmoontlik wees om 'n ontleding van Dr. A.G. Visser as vaderlandse digter af te sluit sonder om aandag te skenk aan twee van die mees bekende en miskien ook mees geslaagde verse uit hierdie afdeling, nl., die lewendige „Voorslag" en die roerende „Voortrekker", waarin ons by die sterfbed van nog 'n ou held uit die verlede gebring word. In eersgenoemde gedig vind ons 'n verering van die digter sy ryperd, „die beste, die trouste van vrinde." Die ritmiese gang, kragtige segging, „gallopérende ritme" en mooi-menslike gevoel van kameradie vir die trouhartige dier", maak van die gedig een van die populêrste wat nog ooit in die Afrikaanse letterkunde verskyn het. Hoe juis formuleer Dr. Kritzinger nie sy gedagtes hieromtrent nie: „Hoe meer ons op ons motorfietse, motors en vliegtuie rondsnor , hoe meer sal ons deur die mooi ryperd uit die romamtiese verlede bekoor word. Gelukkig dat die pronk-perd , Voorslag' op hierdie tydstip so'n digter gevind het. Hierdie dier het nou die simbool geword van die droomperd van die jongkêrel uit die vorige geslag. Dit blyk al uit die eerste koeplette met die trotse skildering:

Appelblou skimmel met spierwitte maanhaar --
Dit is die ryperd, die baasperd van my;
Maanhaar en stert soos 'n sybok gekartel --
WAAR SAL EK ,VOORSLAG,JOU WEERGA WEER KRY ?"

Deur dik en dun het die troue dier hom gedra, hy kannie anders dan 'n innige menslike liefde jeens hom koester nie. Selfs in die dood wil hy nie geskei wees nie:

„Aangeland in die Hiernamaalse Velde,
Sou 'k van die aarde net een ding begeer:
Gee my die beste, die troutse van Vrinde,
Voorslag, my ryperd, gee hom vir my weer."

Dit is die tradisies van sy volk wat hy eer en eerbiedig en sterk is sy liefde vir alles wat eg-Afrikaans is. Daarom het die digter geen tyd vir die hedendaagse mens, „plesier-belus, op jag na goud", of koelbloedige landverraaiers nie, „maar daarteenoor werp ons 'n blik op wie getrou was tot die dood: die ou Voortrekker in die skaduwee nog sterk soos die leeu van sy veld. Sy oog mag gebroke wees, sy hart bly onverwinbaar, onversoenbaar. Luister na die roerende taal, seeswaar van lange lyding, van worsteling skynbaar so verniet, en tog met die eindelose, hoewel stukgebroke deining van die vryheidsdrang." * Dit is passend dat ons sal sluit met dié sterwensboodskap van die bejaarde Afrikaner-vader aan sy kinders -- in daardie laaste wens en afskeidswoord van die dapper ou Voortrekker, lê die sleutel van Visser se vaderlandse verse:

„My kinders bly die grond behou;
Onthou julle afkoms; wees getrou!
Laat vreemde sedes staan !
Al bars die swaarste onweerswolk
Oor ons, tog bly ons nog 'n volk
En sal ons voortbestaan.

Daar's nog 'n ou Transvaalse vlag --
Bewaar... wie weet ..... Miskien....een dag --
Ek sal daar nie meer wees --
Maar mag ons eie vlag weer waai,

---

* Ons Eie Boek : Deel 2 No. 1, Jan.-Maart 1936, bls. 35-38.

Vat my geweer en skiet en laai --
En ....... Heer, ontvang my gees ! "

## (d) DIE LUIMIGE VISSER.

Dit is in sy aansteeklike lagluim dat die ware betekenis van A.G. Visser vir ons Suid-Afrikaanse volkspoësie lê. Lank wil ons nie hierby stilstaan nie; dit is reeds breedvoerig en duidelik ontleed in etlike letterkundige handboeke *, maar ons sal wel 'n algemene beeld probeer vorm van die digter se betekenis oop op hierdie gebied van sy kuns.

Visser is die digter van die Afrikaanse skerts en humorsin, liefde vir spot en terg en hekeling van die konvensie; as vertolker van hierdie karaktertrekke van ons volks~~mentaliteit~~, moet selfs Langenhoven m.i. vir hom onderdoen. Dit is onmoontlik om hier elk van die talryke juweeltjies van sy fyn spot en woordspeling aan te haal; 'n mens kry daar die beste indruk van deur hulle almal bymekaar te lees, sy „Borsbeeldjies", „Aê die Suidoos Waai" en „Om die Waarheid te sê "......... Min wat van Visser se gevatte kwinkslae ontkom en nooit is daar 'n geforseerde poging tot berymde slimmigheid nie; dit skyn asof hy hom, soos Langenhoven prosavorm gebruik het om raak te sê, die versmaat as vanself kom. Aan 'n skakel van kontinuïteit ontbreek dit nie; selfs 'n Italiaanse woord kom vanpas of 'n Bybelse sin val in die gang van sy geestigheid : „Ben ik", se die aap in die dieretuin, „mÿns hoeders broeder ?" Spontaan elke woordspeling:

„Wat baat dit ons om hier te tel
Hiernamaals word gewoë ! "

---

* Dr. F.E.J. Malherbe: "Humor", tweede druk, bls. 191-205
M.S.B. Kritzinger: "Letterkundige Kragte", bls. 78-82, 88-89.
E.C. Pienaar: "Taal en Poësie", vierdie druk, bls 518-521; 528-533.

Soos Buning sê: „Juis in hierdie onverwagte, lagwekkende kombinasies skuil die vrolike, komiese karakter wat die digter se werk so populêr gemaak het by die publiek".* Deur die mees prosaïese mens kan dit waardeer en verstaaan word, en dit is dan ook meer wat die leek as humor sou beskou. Visser is egter m.i. meer geestig en komies as humoristies; sy werk is veelmeer lagwekkend, meer luimig as humor-bevattend. Humor is iets fyners en diepers, dit is erns wat wegskuil agter skerts, humor is die„lag met 'n traan". Daar is egter enkele gedigte waarin ware humor tog voorkom, bv., „Divan"; onder die skynbaar lagwekkende skerts hierin, skuil 'n diepere waarheid -- die weersydse ontrou tussen man en vrou:

„Favorita Fatima,
Dogter van 'n Padisha,
Lieflingsvrou van Mirza Khan
(Tans op weg na Ispahan),
Wag....... in haar vergulde saal,
Wag....... maar nie vir haar gemaal !
Loer van agter sygordyn
Na die kant van die woestyn,
Na 'n ruiter flink en fier
Op 'n skimmel arabier ! "

Hier is ook een van die hoofeienskappe van Visser se persoonlikheid aanwesig: Erns en luim in volmaakte ewewig.

Laat ons 'n paar van sy geestige gediggies van nader beskou. Met die Jodedom het hy heelwat uit te waai soos o.a. blyk uit die kostelike „Profeteer of Profiteer", wat gewis nie in die smaak van die betrokke deel

---

* "Visser se Verskuns" in "Ons Tydskrif", Februarie 1934.

van die samelewing sal val nie:

„Die walvis swem dig by die wal;
Die visserskuit laat iemand val;
Die walvis sluk hom in;
Maar weldra skreeu hy in nood:
‚Dit is 'n afgedankste Jood !
Wat moet ek nou begin ?'

Die walvis stort 'n lewertraan,
Die walvis kerm: ‚Wat vang ek aan ?
Ek voel so miserabel --
Dit smaak vir my hy's baie bang;
En wat 'n bang mens aan kan vang,
Daartoe is hy kapabel."

Dan verplaas hy ons weer na die sinagoge waar ons kennismaak met tipies Joodse figure, 'n duidelike begrip van hulle gewoontes kry en ook 'n blootlegging van hul gedagtegang vind:

"Die sinagoge is volgeprop;
Die horing blaas, die kantor sing,
En elkeen dink sy eie ding.
Daar skielik word Max Goldberg naar,
En almal werskaf hot en haar.
‚Oi, oi ! Oi, oi ! Waar is die pyn ?'
‚ Oi. oi ! Toe drink 'n bietjie wyn'
‚Oi. oi ! Sal ons die dokter haal ?
Of wil jy na die hospitaal ?
Wat is verkeerd ? Ons moet tog weet !
Jou sleutels by die huis vergeet ?
Jou kas vol geld ? Wel, wat daarvan ?
Schlemihl ! Hier sit ons almal dan ! "

Talle van ander geestige gediggies vind ons in

die bundels en in elkeen sien ons die gruwelik-tintelende oë van die digter soos hy die een of ander aspek van die lewe op speelse wyse vertolk. Hoe moet die lywige tant Siena dit nie ontgeld nie :

„As ou tant Siene straat-op loop
Om antipon of spek te koop,
Sê dié wat pad maak : Dank die Heer !
En sit hul sware stampers neer.

Verlede Sondag in die kerk
Merk ek nog weer die wonderwerk,
Die eienaardigste geval:
Sy wou gaan sit, toe sit sy al !

---

Haar einde was besonder sag,
Al was dit ook 'n sware slag.
Haar val was sonder blaam of smet
Die oorsaak van die dood: Net Vet ! ?

Dan is dit weer die Nederlander met sy gebrekkige kennis van die Afrikaanse idioom wat aan die pen kom in „'n Klein Misverstand" :

",Wat is één zoentjie wonderzoet ! '
Het hy verlief aan haar gesê
Haar wange word so rooi as bloed
Terwyl sy bloos: ‚Dit wil ek hê ! '
‚Wil je 'n zoentjie ?' vra hy bly;
Toe antwoord sy : ‚Ek gee nie om nie ! '
‚Zy geeft er niet voor om,' dink hy
En van die soem het niks gekom."

So kan ons nog 'n menigte ander voorbeelde aanhaal soos „Sannie", „Blou Maandag", „Die Sware Tye", „Lotus-land",

'n parodie op sommige van ons bekendste digters, „Snippie en die Dominee", „Visvangs", „Die Uitleg" en „Meester Algebra" wat ter geleentheid van die afskeid van Heidelberg se skoolhoof gedig en voorgedra is:

„Daar's 'n skool met ideale
Beste in Suid-Afrika;
Goed in Wetenskap en Tale,
Best' van al in ....... Algebra.
Dis die doelwit van ons strewe,
Hoop van Jong Suid-Afrika,
Want die Volkskool hoog verhewe
Is gegrond op ....... Algebra.

Deur die lengte en die breedte
Van ons land Suid-Afrika,
Denk nog aan die nooitvergete
Heidelberg en ....... Algebra,
Predikante, meesters, skrywers
Wat die egte stempel dra
Dankend hul sukses aan ...... syfers
X Y Z en Algebra.

Voor ons sweef drie lettergrepe
A-L....... (was dit tog maar al ! )
G+E....... plus- en minisstrepe......
B-R-A..... ( O tranedal !)
Selfs die nagwind in die bloekoms
Sing nou treurig -- vroeg en spa --
Wat gaan word tog in die toekoms
Van ons dierb're Algebra ? " *

Al hierdie gedigte, hoewel die pas-gesiteerde miskien in 'n mindere mate, word gekenmerk deur daardie gemoedelike

---

* Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring, 1936 , bls. 63,

skerts, ondeunde gekoggel en lewensblyheid wat so eie aan Visser se digkuns is. Hy wat so baie knoue in die lewe ontvang het, kon met dit alles nog die vrolike en lagwekkende sy van die menslike bestaan raaksien, en deur middel van sy verse ook vir ons in daardie optimisme laat deel.

Dit is egter ook veral as puntdigter dat Visser naam-gemaak het. Die wesenlike van 'n puntdig kan in die volgende woorde saamgevat word: „Kort en veelzeggend, enkele regels meestal maar, en het beste gezegd in een geestige laatste regel, de zogenaamde POINTE van het gedicht." * Dit is 'n stukkie mense-kennis of lewenswysheid wat op 'n pittige en kernagtige, meesal spottende wyse aan ons weergee word. Tereg beweer Prof. Haarhoff: „Epigram is somehow natural to Afrikaans. It seems to rise from the soil; the vivid word and the vivid phrase of popular speech. And in Afrikaans poetry A.G. Visser has refined it to an artistic form",** of soos hy elders uitdruk: „By sy humor, het Visser 'n Onvermoede vatbaarheid vir puntdig in die Afrikaanse taal openbaar en toon hy sy tegniese vaardigheid in die gebruik van die gepolyste epigram -- met die angel in sy stert."***

Watter steek word daar nie byvoorbeeld in „Armoede" gegee nie:

„Ja, arbeid adel. Wie verklaar
Dié bitt're ironie ?
Ons almal spartel hot en haar --
Net adel arbeid nie."

---

* Aantekening by "Poëzie van A.C.W. Staring."

** Haarhoff: "Afrikaans, its Origin and Development."

*** Inleiding tot "Die Purper Iris."

Dan is dit weer die ou wewenaar wat die waarheid moet hoor:

„Bernardus huil en steun en sug
Oor sy oorlede Leen.
‚My trane bring haar nooit weer t'rug .....'
Dis veilig om te ween."

En ook die boere kry 'n kopskoot deur die onverwagte wending wat die vraag van klein Japie aan „In die Sondagskool" gee :

„‚Ja veertig dae agtereen
En veertig nagte lank gereën --
Dis 'n rekord tot op hede.'
‚Meneer, mag ek Meneer iets vra ?'
‚Maar alte seker Japie. Ja ?'
‚WAS DIE BOERE TOE TEVREDE ? '"

Maar in die volgende voorbeeld is dit egter die Boer wat met al die eer wegstap :

„Net soos die vlieë is die Boer:
Vroeg in die bed, vroeg aan die roer.
Net soos die vlooie
Is die ou Rooie:
Dis laat voor hy tot stilstand kom,
En vroeg soek jy verniet na hom."

Die vrou moet dit veral ontgeld en Visser spot ongenadig met die damesmentaliteit in :

„Hoe Heelmaal anders is dit hede:
Dit krimp van bo, dit wyk benede;
En, vry soos fladderende vlinders,
So dartel dans vandag se kinders.
Kort is mouthies, kort die rokkies
Die hare kort, en kort die sokkies."

En dan die huweliksverhouding. Hy skroom selfs nie om

by Adam in die Paradys te begin nie en sonder om nou juis uitdruklik heiligskennis te pleeg of godsdienstige vooroordele geweld aan te doen, bereik hy die komiekliksto uitwerking deur sy anachronismes op Bybelse agtergrond. Dink maar aan sy „In den Beginne,?, sy „Nat en Sap", 'n hekeling van die destydse politieke verdeling, sy „Uitleg" (weer die deugde van die vrou ? ! ), en „Adam of die Paradys herwonne" met sy spontane ineenstrengeling van Suid-Afrikaanse agtergrond en Bybelse motief.

Politici, predikante, profete, Jode, kunstenaars, boere, oujongnooiens en dokters, elkeen kry sy epigram; kortom, hy neem die hele maatskaplike klug in oënskou en deurgaans spot hy raak en fyn. Dit is Visser in ligte luim wat Suid-Afrika leer liefkry het, en as sodanig sal sy nagedagtenis ook voortleef onder ons.

## (e) KINDERPOËSIE EN HUISLIKE VERSE.

A.G. Visser -- Kinderdigter by uitnemendheid, en hiermee tree ons 'n geheelenal nuwe sfeer van die digter se poësie binne. Dit is nie nou meer algemene filosofeering oor lewensvraagstukke soos tot dusver meesal die geval was nie, maar ons word dieper in die doolhof van die digter-siel gevoer, ons kennismaking word geleidelik van 'n meer persoonlike aard, ons ontmoet die digter te midde van sy eie huislike kring. En hiervoor is sy kinderpoësie net die gepaste inleiding. Immers, wat is nouer verbonde aan die familielewe dan die kind ? Dit is tog juis die sonnige glimlag en vrolike brabbeltaal van 'n onskuldige kindjie wat die kern vorm van alle waaragtige huislike geluk en vreugde.

Visser het, soos Dr. E.C. Pienaar dit noem, dan ook die kostelike gawe besit om te word „gelÿk de kinderkens." * Hy kon vergeet dat hy groot mens is, neerdaal tot binne bereik van die sielelewe van die kind, en sy fantastiese sprokiewêreld verower -- hy kon saam met die kind kind wees, in die ware sin van die woord. Hierdie verse is dan ook nie geskrywe slegs oor die kind nie, maar wel in die eerste plek vir die kind; daardie onontwikkelde verstandjie kan dit begryp, waardeer en ten volle geniet. Luister gerus na die voordragte in die primêre skool of die Afrikaanse kinderkonsert; hier en daar miskien 'n gedig van Leipoldt of Totius, maar verder meesal Visser -- „Die Duisendpoot", „Toe die Wêreld nog Jonk was", „Klein Woelwater", „Wit en Swart", „Amakeia", en by die seuns veral „Umzinyati".

---

* "Taal en Poësie" , bls. 523.

As digter van kinderverse het Visser nie sy gelyke in ons letterkunde nie en , die eienaardige daarvan, selfs volwassenes dan sy kinderlik-eenvoudige gediggies geniet, miskien omdat hulle daarin, afgesien van inhoud, so'n mooi sy van die digtersiel, sy liefde vir wat klein en swak is, raak sien, miskien om die eenvoud, sangerigheid, maklik-vloeiende ritme en komiese woordkeus. Daarom kan ons saam met hom op hemelse velde speel, saam met die Prins van Oosterland swerf, of inkruip in die kindermentaliteit van blanke onskuld in die naïewe „Klein Ongeduld" :

„Ag, Mammie sal nooit raai nie:
Maar ek is tog so bly:
Dis iets wat ek gesien het
Daaronder in die vlei.

'n Voël met witte vlerke
Vlak by die waterkant,
Die Ooievaar, -- so heet hy, --
Hy kom van Anderland.

---

Ek is tog so alleenig,
Het ek gesê vir hom,
En hy moet darem een dag
Na ons huis ook weer kom.

Want Mammie werk al maande;
Die mandjie staan al klaar --
Hoekom bly dy so lank weg ?
Die stoute ooievaar ! "

Veel swakker, ja, selfs teleurstellend is in vergelyking hiermee, die behandeling van dieselfde tema in

„Klein Boetie". Tereg beweer Dr. Pienaar dat dit „die weergawe is van die mees bekende maar seker ook mees onsmaaklike van alle Afrikaanse oorleweringe -- die afgekrapte bobbejaanstorie". *

Maar selfs by die beste word soms 'n verswakking bespeur. Die feit bly egter staan dat Visser ten spyte van alle gebreke in hierdie verse die harte van die kinders, ja, ook van die ouers gesteel het deur sy opregte kinderlikhied en liefdevolle uitbeelding. Daarby het hy die gawe besit om te vertel, en veral kinderstories boeiend en aantreklik te vertel sodat dit spanning en belangstelling by die kleintjies wek. Hier dink ons veral aan sy mees populêre verse vir die kleinspan soos „Makoemazaan", „Die Mensvreter", „Die Tweeling" en „Kokkewiet" -- KINDERKUNS in die ware sin van die woord. Watter prikkeling ondergaan die kind nie by die kennismaking met die effes misterieuse dog ook realisties-fantastiese waterman nie :

„Onder in die koele stroom,
By die groene wilkerboom
Langs die waterbaan,
Waar die wilkers staan en droom,
Op die middag lou en loom
Woon Makoemazaan.

Groener as die groenste gras
Aan die stille waterplas;
Groener as die graan
Met sy kleine water-ogies
Deur die fyne wilker-bogies,
Loer Makoemazaan."

---

* "Taal en Poesie", bls. 523.

Dan is dit weer Outa Klaas, 'n tipiese ou Kaffer en baasstorieverteller, wat deur die digter aan die woord gelaat word om ons te vergas op een van sy verhaaltjies. Bloot as 'n verhaal, en wel as 'n verhaal wat aan 'n kind vertel word, is „Die Mensvreter" meesterlik. Op besonder prettige wyse weet die digter die juiste woord in die mond van die ou jong te lê; ons sien hom soos hy in die hoek van die kombuis gehurk sit, toegedraai in sy kombers, en teenoor hom sy Kleinbasie wat eintlik hoendervleis word van al die wonderbaarlike stories :

„Hoe die mensvreter lyk? Vergelyk by hom,
O maggies,
My ou Kleinbasie, wraggies,
Is die swart Tokkelosie so mooi as 'n blom,
In sy kop het hy net 'n afgryslike bek,
Wat so wyd as die seekoei se kake kan rek,
Want kou hy 'n kind, dan's daar plek vir nog twintig,
Allemintig,
Glo, my Kleinbasie, wrintig,
Met 'n kind in sy kies is daar plek vir nog twintig!"

En watter kind sal nou nie met gretig gespitste ore die verhaal van die grou Kokkewiet wil aanhoor nie? Dit is alweer daardie klein verstandjie op soek na fantasie, wat hier versadiging vind; die geheimsinnigheid van dié waterding wat niemand nog ooit gesien het nie, maar waarvan almal wel weet, oefen 'n wonderbaarlike aantrekkingskrag op die kind uit. Die digter verstaan die kuns om die regte atmosfeer te skep. Treffend is die uitbeelding van 'n tipiese klein parmant in die laaste strofe :

„Ag my bene was lam
Maar ek sny van die dam

En ek woerts op,die es
In my Ma se kombuis,
Ja maar toe maak ek vuis
En ek sê: Wie's dan bang
Vir 'n groen waterslang
Wie sal skrik -- tog nie ek
Vir 'n wolhaar-insek ?
Vir 'n ou Kokkewiet
Vir 'n blou Kokkewiet
Vir 'n grou Kokkewiet
Met 'n mes ?"

Pragtig ook is die woordskildering in die begin. Dit is seker een van die mooiste beskrywende stukkies wat Visser vir ons nagelaat het:

„O ek hou van die swaeltjies ... Daarbo in die lug
Slaan hul bollemakiesie so rats en so vlug;
Hulle duik vir die blitsstraal en speel met die wolke,
En hul bou 'n mooi huisie met klei uit die kolke;
Hulle vlieg oor die see en hul ry op die winde,
O want Swaeltjie en Sonstraal en Somer is vrinde."

Van 'n geheel ander klas is „Die Liewe Onskuld", Hier is dit die digter wat weer jonk word en die kwajongstreke van sy jeug herlewe:

„Nog dink ek aan die dae --
Die dae van my jeug,
Van bly en blanke onskuld,
Van argelose vreug.
'k Onthou die ou apteker,
So bietjie krom en skeel;
Hy kon ons gif gegee het
As ons toktokkie speel."

Maar hy is tog droewig gestem want al daardie vreugde en

pret van sy jongelingsjare is vir ewig verby:

„Nooit sien ons weer dié dae
Van onskuld en geluk
Voordat die lewenslaste
Swaar op ons skouers druk."

Met die skoolseun kan hy hom egter nog wegdroom na die heerlike land van Weet-nie-waar, om daar troos en verkwikking te vind en nogeens die geluk te smaak van volkome kind te wees.

Voortreflik is in „Klein Woelwater" die beskrywing van Tant Hannie Presies se pynlike netjiese woonhuis. Daarheen wil die woelige klein Jannie tog nie gaan nie, want „Sy't alles so netjies, so blink en sekuur;
'n Morsvarkie sal sy geen oomblik verduur."

Alle planne word deur die klein vabond aan die hand gegee om uit die moeilikheid te kom en dan kom die kostelike kliemaks in die slotreël:

„Ag, Mammie, sê Jannie met ogies betraan,
Vir wat moet ons na die kwaai tante toe gaan ?
Ag, Moetsie, ons bly tog maar liewers hier tuis;
Vir wat moet ons kuier by 'n vreemde ou huis ?
As Mams nie kan wag nie tot Jannie eers groot is,
Dan wag ons maar net totdat Tannie eers dood is."

Dan dink ons nog aan sulke verse soos „Oom Lokomotief en Tant Treinie", „Met 'n Mandjie Rose", „Geen Rosie sonder Dorinkie", „Sneeuwitjie", „Die Duisendpoot", „Adorasie" en „Lank gelede in Nazareth". Laasgenoemde twee staan in verband met die godsdienstige verse. In „Adorasie" slaag Visser daarin om die Kersverhaaltjies só te vertel dat die Christuskind vir die kleintjies 'n werklikheid word, en nie 'n vreemde, geheimsinnige figuur is en bly nie:

„Op sy bedjie wit en rein
Sluimer soet 'n knapie klein
Is daar iemand op die stoep
Wat hom telkens saggies roep ?

---

Wat tog sal hy daar aanskou ?
Daar sit Onse Liewe Vrou
Met die Heiland op haar skoot,
Soen Sy kleine voetjies bloot.

Voor haar kniel drie manne grys,
Kniel drie konings oud en wys
Met goskenke in hul hand
Uit die verre Mőreland.

Vriend'lik wenk Maria hom
,Wil jy nie ook nader kom ?
Kom en groet die Heil'ge Kind --
Alle kindertjies se vrind."

Op sy toontjies staan hy daar
Skaam'rig staam'lend vra hy haar
,Mag ek maar die handjies soen ?'
Ag........toe wyk die visioen."

In laasgenoemde gedig word die wonderwerke van die Almag en die doel met elke skepsel op aarde, op 'n baie naïewe ongeskunstelde manier vertel; die filosofie van die lewe word so kinderlik uiteengesit dat elke dit sonder moeite kan volg:

„Toe dink Hy 'n veertjie uit,
En 'n keeltjie wat kan fluit,
En twee skerpe oë
Kunstig vorm hy toe 'n vlerk

Om te swewe deur die swerk
Tot die wolkeboë.

Vinkies rooi en vinkies geel,
Goud, skarlaken en fluweel.
Hangend aan die bome
Nessies, kunstig deurgeweef,
Op die luggies om te sweef
Oor die waterstrome."

Maar ook vir die heel kleintjies het Visser gesorg, soos blyk uit sy bundel kleuterversies, „Uit ons Prille Jeug". In die voorwoord tot hierdie rympies sê Dr. Leipoldt: „Daar is in hierdie gediggies niks wat die minste aanstoot kan gee nie, en baie wat van die grootste nut vir die leser, al is hy oud of al is hy jonk, kan wees. Raak-sienery, polsende gevoel, egte sentiment, nie die olieagtigheid wat daarvoor deurgaan nie, is in hierdie digbundeltjie te vind; en daarom beveel ek dit hartlik aan by elke ouer en elke onderwyser en elkeen wat met kinders te doen het." Dit is in hierdie gediggies veral dat Visser hom as die ruimhartige kindervriend openbaar wat weet hoe om hulle hartjies te steel met sy besonder ritmiese en beeldryke weergawe van die kinderlewe soos dit werklik is. Dit is die sonnige glimlag van 'n bloesende kindjie wat uit elke gediggie vir ons toelag en ons uitnooi om die jare wat breeds agter ons rugte lê te vergeet en weer één met hulle te word.

„Naïef, soos dit die dierbare onderveldse onskuld betaam", om die digter se eie woorde te gebruik,* is „Die Strandlopertjie". Lieflik is die weergawe van die kinderlike onskuld in die laaste strofe -- waarlik,

---

* Op oorspronklike Ms. aangeteken.

dit werd om weer kind te weeś al is dit maar net om die onskuld van 'n kindjie deelagtig te word:

„Dries, jou liefste kleine bees,
Waar was jy so lank gewees ?'
Vra sy met ontroerde stem.
‚Mammie, ek het gou gaan swem'.
‚Tog nie met jou broek en baadjie ?
Tog nie met geen enk'le draadjie ?'

‚Jy alleen ? In vredesnaam ! '
‚Nee, met ander kinders saam.'
‚Watter ander kinders, Dries ?
Was dit seuns of meisietjies ?'
‚Mammie, ek weet self nie wat nie:
Hul't nie kleertjies aangehad nie ! '"

Dan word ons weer meegevoer op 'n fahtasie-vluggie van een van die kleinspan:

„Sê-nou, sê ek aan my maat
Toe ons saam loop langs die straat,
Sê, byvoorbeeld, elke iets
Van 'n motor tot 'n fiets,
Perdekar of ossewa,
Ryperd wat sy ruiter dra --
Alles waarop mense ry,
Kom onsigbaar hier verby,
Net die mense -- wat 'n klug ! --
Trek dan sit-sit deur die lug,
Ooms te perd met lange baard
Wip-wip luglangs doodbedaard;
Snaaks sou wees die trem-wa daar
Twee verdiepings op mekaar;
Maar die baie-sukkel trap

Lyk my nog die grootste grap
As jy net die fietser sien
Maar geen sppor van sy masjien ! "

En watter ouerhart sal nou nie week word by die volgende bekoorlike toneeltjie nie. Soos Dr. Pienaar tereg beweer, „dit is 'n brokkie kinderlewe wat inderdaad..... lewe:" *

"Waarom huil klein Sussie so ?
Netnou het sy niks makeer nie.
Dis weer Boetie, kan jy glo --
Maak hy haar nie altyd seer nie ?

Waarlik, hy het haar gebyt:
Kyk, daar sit die merk, my lammie --
'n Splinternuwe stoutigheid.........
‚Dis Maar net van liefde, Mammie ! '

Liefde ? Dis 'n mooie grap !
Wat moet Mammie met jou doen
As jy so jou sussie hap ?
‚Slaan my, Mammie, maar eers soen !

‚Maar eers soen ! -- Ek bid jou aan !
Sê my nou : Wie kan dan slaan ?" **

Nie net die sonkant en grappies nie, ook die skadusy van sy kinderliefde verbeeld hy in diepe meegevoel: „By die Monument", aandoenlik in sy eenvoudigheid en simpatie vir die „tere bloeisels van die storm", gevoelvolle beelding van moederliefde in „Klein Sonneskyn", ouerleed oor 'n kleintjie wat wreed die ewigheid ingeslinger is in

---

* "Taal en Poesie" , bls. 541,

** Op die oorspronklike Ms., verskyn die volgende ook as lispel-woordjies: dith, eerth, thlaan en thoen.

„In Manus Tuas Domine", en „In die Klooster" hoor ons die snikkende klag van die non van moederskap beroof. Hier gee die digter 'n innig-tere vertolking van die drang, die moeder-instink wat aldeur doelloos is, en word die vrouesiel diep deurvoel en bloot gelê. Voor die Madonnabeeld kla Sister Infelice haar leed op roerende wyse:

„U was ook maagdelik en rein
Maar U had tog 'n Kindjie klein
Om steeds te troetel aan U hart --
U eie vir u pyn en smart;
-------------------------
As ek 'n skamel hutjie sien
Waar Armoed woon, waar liefde dien,
'n Moeder met haar kleine kroos, --
Haar sorg, haar kommer en haar troos, --
O Moeder hoog gebenedy,
Hoe sondig moet ek haar beny;
Regina Virginum erbaren:
Sy is so ryk en ek so arm ! "

Hier staan ons reeds te midde van die digter se klein aantal beslis huislike verse. In die reeds genoemde „Moederliefde" deel ons in die hemelse geluk en vreugde wat gesmaak word by die geboorte van 'n kindjie, die middelpunt van alle waaragtige huislikheid. Daarom ook kon die digter uit eie ervaring sing

„Van kleine Moedertjie en lied !
Die grote wonder was geskied;
Met oë stralend van geluk,
Haar eerst'ling aan haar hart gedruk
So teer as Ons Liewe Vrou
Die Heiland spraakloos het aanskou,
Kon sy net kyk -- niks anders doen

As telkens die klein handjies soen.
„Is jy ook bly ?' vra sy bewoë,
Mistérie, wonder in haar oë,
„My hart kan sy geluk nie dra;
Laetitia Carissima !' "

Maar die mens is geen ewige wese nie, en sterk dring die besef by die digter deur dat die dag sal kom wanneer die eerste skakel van die familie-kring ook sy knak sal kry deur die dood wat intree en sy eerste slagoffer eis. En hier was dit juis die moeder sonder wie geen huis volmaak is nie, wat moes weggehark word na „die Heer se ligpaleis". Alleen en in stomme verbystering moes hy agterbly; het sy hom geheelenal vergeet ?

„Onthou sy nog haar man, haar huis,
Ons kindertjies so klein en teer ?
Of kom sy snags met sag geruis
En al die liefde van weleer ?

Die kleintjies slaap -- die Engele wag --
Sag gaan die borsies op en neer,
Want Moedertjie kom elke nag
En nou is daar één Engel meer."

Dan glip die beeld van 'n ander figuur uit die huislike kring voor ons oog verby, dié van 'n Grootmoeder, vreedsaam in haar gryse ouderdom. In hierdie fyn miniatuur, dié sprekende beeld van die handel en wandel van 'n Waardige Afrikaanse moeder, vind ons die ewebeeld van Jan Celliers se rasegte Christen-patriot, soos hy hom in forse trekke in „Trou" verewig het. Geen vinger van berisping durf haar gewys word nie want

Verlaat het nooit één dag haar voet
Die noue weg van Plig,

Haar stok en staf. Geduld en Moed
Deur Liefde vóórgelig.

Die hoë adel van die vrou --
<u>DIE HUIS SE KONINGIN</u> --
Haar hele wese wys dit nou,
Want sy het veel bemin.

In awendglans en awendvree
Beëindig sy die reis,
Al langer word die skaduwee
Wat na die Môre wys ! "

Eindelik dink ons nog aan diegene vir wie dit nie gegun is om die geluk van 'n gerieflike huis te smaak nie soos Visser dit aan ons weergee in die roerende verse van „Die Wapad is my Woning". * Dit is die lot van die padmaker en sy familie om sy lewe te slyt in tente langs die grootpad. So was daar destyds 'n aantal aan die werk op die pad tussen Heidelberg en Belfour. In een van die tente het 'n kindjie érnstig siek gelê, en Dr. Visser is ontbied om die geval te behandel. Maar wat 'n skok sou hy nie kry nie. Daar het hy die mees patetiese gesig gesien: die bitterste armoede en ellende moes hy aanskou terwyl die kermende moeder haar verlange na 'n eie, vaste huisie by hom uitsnik. Kan ons dan verwonderd wees dat hy onmiddelik daarna sy fel bewoë gemoed kon lug in die simpatieke strofes van 'n eenvoudige gediggie ? Hier is waaragtige meegevoel met die verdruktes van die samelewing en treffend is die vertolking van die beproefde ou vroutjie se verlange wat maar nie verwesenlik kan word nie :

---

* Die besonderhede wat volg is deur Mev. Gerdener aan ons verskaf en dit verskil enigsins van dié soos deur Mnr. S.H. Eyssen in die "Kristelike Skoolblad" van September 1929 uiteengesit.

„Ag, had ek 'n eie ou huisie,
Al was dit armoedig en klein --
'n Voorhuisie met 'n kombuisie,
'n Slaapplekkie warm en rein.

En in die Kombuisie 'n essie,
Waarop ek my ete kan kook --
'n Ketel, komfoor en 'n tessie,
'n Skoorsteen wat voordag al rook.

'n Tafel en daarop my boekie,
En Bybel, -- my man se geskenk;
Ek sit van die pad in 'n hoekie,
Die lief en die leed te herdenk.

---

Ek is moeg, O so moeg al van swerwe;
Rus smeek ek vir liggaam en gees.
Sou daar nie vir my eer ek sterwe,
Ook êrens 'n staanplekkie wees ?

Maar vooroor die wapad staan immer,
Bekroon deur 'n lonkende ster,
Die hoë blou berge van Nimmer,
Wat die weg na Geluksland versper ! "

Hoe treurig en teleurstellend moes haar huislike lewe nie gewees het nie. Nooit sou haar ideaal bereik word nie, en ons neem van haar afskeid soos sy met verlangende blik die toekoms tegemoet staar, om oor te gaan tot Visser se mees persoonlike liriek -- sy liefdespoësie en minnedigte.

## (F) PERSOONLIKE LIRIEK.

Visser is die tipe mens by wie ons 'n nie te sterk bewoë, minder geweldige Storm en Drang lewenstyd sal vind; hy probeer nie juis om die lewensraaisels op te los of om 'n eie lewensfilosofie te skep soos ons by Toon van den Heever byvoorbeeld vind nie. Hy neem die wêreld aan soos dit is en geniet al wat skoon is daarin. Ons ken hom ook nie as diepsinnige wysgeer nie, omdat hy meer van 'n praktiese wetenskaplike in hom gehad het. Die by gebrek aan emosionele opstuuring en by afwesigheid van 'n neiging tot wysgerige bespiegeling, dat hy later ontpop as volksdigter -- die massa hou nie van " individualistiese" ekspressie nie en kan ewemin wysgerige stof verteer.

Om die kroon op die gelykmatigheid in sy innerlike lewe te sit, doen hy in 1913 'n uiters gelukkige huwelik met Lettie Conrade; dit was eintlik maar 'n voortsetting van sy vroeëre onberoerde emosionaliteits-gelykmatigheid. Met sy vrou se dood ondervind hy sy eerste geweldige skok in die lewe, 'n algehele verbreking van die bestaande orde, en die emosionele spoorslag wat daaruit voortgekom het, gee aanleiding tot 'n hele reeks van rou-poësie. Hierdie leegheid het by hom voortbestaan vir 'n tyd en het ook sy latere liefdespoësie in verband met Marie de Villiers beinvloed. Sy vroeëre onbekommerdheid kan hy nie herwin nie, en onbewus is daar 'n gedurige terugblik op daardie smartlike verbreking van die gelykmatigheid.

Al meer lê hy hom neer by die nuwe lewe en word sy aandag in beslag geneem deur die nuwe vrindin. Hy slaag tot 'n groot mate daarin om die rol van hernieude minnaar te speel, egter heeltemal verskillend van die vorige een. Nou volg 'n nuwe hoofstuk in sy lewe: gematigde lewens-emosie met 'n deur die jare heen aangegroeide lewenservaring as rigsnoer, gee vir ons die Visser-tipe van volksdigter.

Ons vind by hom volkome berusting in die nuwe bedeling, geen tweespalt nie, en wat hy ons nou gee is rustige lewenspoësie. Dit is dan in hooftrekke die ontwikkeling van Visser se digterstalent, gesien teen die agtergrond van sy liefdeslewe wat tog seker die grootste invloed op sy skeppingswerk gehad het.

Na 'n besonder gelukkige huwelikslewe van slegs sewe jaar, is Visser se vrou vroeg in 1920 oorlede. Hy is nagelaat met drie jong kindertjies. Groot was sy eensaamheid, maar nooit het hy toegellat dat pessimisme oor hom die oorhand sou kry nie -- 'n toenemende mediese praktyk, gesellige aande gereël deur die Heidelbergse Kultuur- en Toneelvereniging, belangstelling in alle vorme van kuns en 'n aangebore sin vir humor en geestigheid het daarvoor gesorg. " So was dit in daardie tyd van Dokter se alleenheid, van verlange - die tyd toe sy diep-deurvoelde minnepoësie begin ontstaan het. So spoedig het die sonnige lewe, so natuurlik lewensbly en tog ook so vol lewenserns, berusting gevind in die lotsbeskikking van die Albestierder. In hierdie tyd het daar die ryker lewe gekom, die harmoniese berusting, 'n kragtige balans wat steeds die beste in die mens tot uiting bring." *

Teen die end van 1923 sou die lot dit so beskik dat hy kennis maak met die dame wat sy toekomstige lewensgesellin sou word -- mej. Marie de Villiers, kleindogter van die "ou edelman van l'Idéal, is aan hom voorgestel terwyl sy met vakansie op Heidelberg was, en onmiddelik / het sy 'n plek in sy hart verower. En dit is aan haar wat hy later 'n praguitgawe van sy eerste bundel, "Gedigte" sou oorhandig met die inskripsie:

* Eyssen in "Die Kristelike Skoolblad", September 1929.

" Mej. Marie de Villiers
met groete van die skrywer
-, En zie op de uitkomst met
Maar werk het doel alleen" Tollens.
Heidelberg 12/2/25.*

Aan haar geskied die "toewyding" van hierdie bundel; dit is "die hulde wat huiw'rig die Sanger U bied", en al gebeur wat ook al

" Die bbeld van U skoonheid
leef voort in sy hart."

Maar hy wil haar nie alleen van ver af aanbid nie, nee, hy nooi haar uit na sy eie kleurryke blomtuin om daar as sy "Rosa Rosarum" te bloei.

" Kom na my tuin waar die donkerrooi rose
Duist're geheime vertrou aan die nag;
Sonnestraal-kusse en suidewind-kose
Drome en liefde die lang somerdag.

Kom in die soel someraande en luister
- Wanneer die nagwind hul drome verklaar -
Na die veelvuldige blommegefluister,
Bloesem en bloeisel en blad altegaar!

Kom in die aand en geniet van haar geure:
Foelie, jasmyn, angelier, minjonet;
Kom in die more en kies van haar kleure:
Rooi, wit en goud, groen en blou, violet!.

Kom as dit skitter van dou-diamante,
Rosa Rosarum, in my Paradys.
Dat ek my blomme, my bome, my plante,
Roos van my hart hulle weerga kan wys! "

*In besit van mev. Gerdener.

Watter skoonheid en liefdevolle aanbidding straal daar nie uit die pragtige, klankryke verse nie.
Soos C.M. van den Heever sê: " Visser se krag lê in 'n nuwe bekoring wat hy aan ou dinge verleen deur sy verse se welluidendheid en deur 'n wonderbaarlike beheersde geesdrif."*
Soos bekend is, is hierdie gedig geskrywe in die maanlig langs die kraalmuur op 'n plaas waar die digter 'n siektegeval moes behandel en is dit later aan haar oorhandig met die woorde: "Kyk waaraan is jy skuldig! "**
Maar sy moet haar haas:

" Kom na my tuin want kortstondig is somer
Wat is daar nog in die winter te doen? "***

en daarom stuur hy aan haar 'n 'Sachsen Gruss" - "met verskuldigde eerbied en sonder verlof opgedra aan mej. de Villiers."****

"Die rose pryk in sonneskyn
En wag, my lief, om jou te groet:
Sing sag, my hart, 'n soet refrein.

Die witte, beeld van liefde rein,
Werp skaam hul skoonheid jou te voet:
Sing sag, my hart, 'n soet refrein.

Ek bied aan skoonheid soewerein
'n Ligrooi roos, 'n Saksegroet:
Sing sag, my hart, 'n soet refrein."

Hy kom egter tot die besef van die vergeefsheid van sy liefde en verlange, want sy bly maar "Prinses van Verre" wat geen toenadering wil toon nie en steeds buite sy bereik bly.
Die hoogste geluk sou hy smaak as dit maar die teenoorgestelde geval was.

* Tydskrif vir Wetenskap in Kuns, 9de Jaarg., Des.1930.
** Dr. E.C. Pienaar: Taal en Poësie," bls. 509
*** Nie in bundel opgeneem nie, dog wel op Ms.as slot strofe.
**** Aangeteken op die Ms.

"Was jy 'n rosebloesem
En ek die roos se geur,
Hoe heerlik deur die lewe
Steeds romdom jou te swewe,
Beswymend aan jou boesem,
Betower deur jou kleur
Was jy 'n rosebloesem
En ek die roos se geur.

Was jy die hoogste kranse
En ek die sonnegloed,
Jou wange sou dan verwe
En op jou lippe sterwe
My eerste môreglanse
En laaste awend-groet,
Was jy die hoogste kranse,
En ek die sonnegloed."

Dan die byna wanhopige besef van die nutteloosheid van al sy heerlike gedagtes:

"Maar jy's Prinses van verre
En ek .... 'n Troebadoer,
Al gloei ook my gesange
Van liefde en verlange,
- Die vuurvlieg vir die sterre -
Wat my ten hemel voer;
Jy bly Prinses van Verre
En ek .... 'n Troebadoer."

Visser moes 'n pasient op 'n plaas gaan besoek en "terwyl die kar toe onder die bome staan en verlange en twyfel om die beurt in die hart speel, het hy ongemerk op die voetplank van die motor gaan sit en die pragtige "Prinsesse Lointaine" geskrywe.

Binne 'n paar minute was dit klaar." Hierdie gedig, sowel as "Rosa Rosarum", het dadelik groot opspraak verwek onder die digter se vriende en hy is aangeraai om dit in druk te laat verskyn nie. Hullle beswaar daarteen was, dat dit te intiem is, en net soos in die geval van "Sy kom met die Sekelmaan", het hulle die vertroulike blootlegging van eie siel afgekeur. Dit was egter juis hierdie gedig wat vir Eugène Marais bewus gemaak het van die talent wat daar in Visser sluimer, En hy het dit hom tot taak gestel om daardie talent tot ontwikkeling in rypwording aan te moedig.

Uit min of meer dieselfde tyd dateer "Ballade van die Roos" en, " Was ek 'n Sanger"; laasgenoemde is aan Marie gestuur terwyl sy met vakansie in Paarl was, Met die volgende byskrif: " E.S. sal die musiek maak vir hierdie liedjie geskrywe, ,by special request.' Ek wonder of jy hiervan hou ? Dit kom van 'n namiddag ,dolce far niente.' "

Kort hierna, in 1924, het Visser die ernstige siekbed gekry vanwaar hy byna nie opgestaan het nie.

---

Eyssen in "Die Kristelike Skoolblad", September 1929

Besonderhede verkry van Mev. Gerdener.

Aangeteken op Ms.,

Die feite wat volg is vriendelik deur Mev. Gerdener aan ons verskaf, en stel ons in staat om 'n juister beeld van die kronologiese volgaarde en betekenis van sy liefde vir te vorm.

Dit is nou dat hy en sy "Rosa Perfecta" gevoel het dat dit dwaas sou wees om hulle intieme verhouding verder voort te sit en het hulle besluit om slegs vriende te bly en in enige ander opsig af te sien van mekaar. Om weer nuwe kragte op te doen na sy siekte, is hy na Hermanus met die pynlike besef steeds knaende aan sy hart dat alles tussen hom en haar verby is. Op pad na Hermanus skryf hy sy sonnette oor " Die Berge van die Boland" wat hom met so'n wonderlike inspirasie vervul het, maar tog hrt daar 'n haglike tyd van bittere swartgalligheid in sy lewe gevolg. Reeds in "Humoresk" wat hy aan Marie gestuur het vanaf Hermanus, hoor ons 'n swaarder, treuriger toon dan in sy vorige verse:

"Langsaam daal die skemerduister,
Uit die weste wyk die luister
Wyl die aandwind streel en fluister:
,Moeë aardryk, rus ! '
Onder my die barre rots,
Rondom dowwe golfgeklets,
Waar die branding breek en bots
Teen die suiderkus.

In my hart ontbrand verlange,
Want haar beeld uit die vergange
— Deur geen ander ooit vervange —
Lag my liefd'rik aan
Luidloos is die nag gekom
Met haar sterremantel om,
— Donker kleed met lig geblom —
Op haar bors die maan.

Kon ek maar, uit die parterre
Van die hemelruimtes verre,
Sou ek met die skoonste sterre
-- Skynend' skitterskrif --
Uitfestoen haar naam omhoog
Glansend aan die hemelboog
Name voor my geestesoog
Op my hart gegrif ! "

Hulle het albei onder 'n diepe besef van die onverbiddelike noodsaaklikheid van hierdie skeiding verkeer. Hoeveel die verstand oorreed het, kon die hart tog geen berusting vind nie, en het sterk wedersydse verlange hom steeds laat geld. Hierdie bewuste gevoel van onvoldaanheid vind van sy kant uitdrukking in die gedig " Van Verlore Vlei":

"Jy is die leeurik,
Ek is die vlei;
Hoog in die bloute
Vlug jy vir my;
    Wagtende,
Smagtende,
Staar ek tot jou
Ver uit die bloue lug,
Her uit die koue lug,
T'rugkeer tot my.
Jy is die leeurik,
Ek is die vlei.

Kom, my beminde,
Vreugd' onbeperk,
Hygende boesem,

Neigende vlerk,
   Hygende,
   Neigende,
Hoog uit die swerk,
Immer weer wiegende,
Nimmermeer vliegende,
Liefde te sterk —
Kom, my beminde,
Vreugd' onbeperk."

Intussen het sy "Princesse Lointaine" egter versoen geraak met die wrede werklikheid. Sy het gevoel dat dit haar nie help om te knies oor die verlede met al sy teleurstellinge nie, en het troos gaan soek in die geselskap van ander. Vir hom wat nog steeds gehoop het op 'n gelukkige weersien, het haar houding as besonder harteloos voorgekom — sy was vir hom "La belle Dame sans Merci" :

Die golwing van die lug wat daal
Op goue koringare,
Is glansloos by die gloed wat straal,
Madonna van jou hare

Ek het die roos met vuur sien gloei
In tuine van verlange,
Maar teerder blôs het ek sien bloei,
Madonna, op jou wange.

Koud is die Winterberg se top,
Met nooit 'n lentebloesem,
MAAR KOUER NOG DIE HART WAT KLOP,
MADONNA, IN JOU BOESEM ! "

Dit is nou dat Visser tot die gevolgtrekking kom dat dit sy lot is om alleen voort te gaan op sy lewensweg en daar volg dus 'n periode van verlange en terugblik op die verlede met al sy kostelike, dog ook droewige herinneringe. Van 'n man met so'n blymoedige en optimistiese geaardheid as Visser, kan ons so iets byna nie verwag nie, maar die noodlot was so teen hom, hy moes eenvoudig skryf om uiting te gee aan sy gevoelens, en noodgedwonge moes hy uit die verlede put. In die verse wat nou ontstaan, huldig hy dus die lieflike nagedagtenis van sy eerste vrou, en weer deurleef hy die jare van vreugde en geluk wat hy saam met haar deurgebring het. Helaas, hoe snel het daardie sewe jaar nie verbygegaan nie:

"Te kort jou skoonheids-duur,
Roos van my hof;
Vir jou volmaakte uur
Die Gewer lof !

Te kort ons liefdestyd:
Te kank die rou
Tog - tot in Ewigheid
Goddank vir jou ! "

In "Laetitia", een van die aangrypendste van sy liefdesgedigte en reeds klassiek in die Afrikaanse letterkunde, vind ons 'n verheerliking van Lettie — dit is feitlik 'n sublimering van sy groot smart. Tereg beweer van den Heever: "Deur die wonderbare berusting, so verhewe en nobel, wat daaruit spreek, word dit een van die lieflikste gedigte wat geskrywe is oor 'n dooie deur iemand wie se siel deur lyding en nood die lig gevind het van 'n goddelike berusting." Weervsien hy sy geliefde as die

---

Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, 9de Jaarg., Des.,1930.

"bekoorlike nooi, die stralende bruid, die sielsgelukkige moedertjie, die bleke dode:"

"O, halme skoonheid van die dood !
Die Heer het menig' ligpaleis
En daarheen sal haar siele rys
En daarheen volg my liefde haar na:
Laetitia Beatifica ! "

Deur sy lied sal haar nagedagtenis voortleef en almal wat na hom kom sal weet:

"Hier - eenmaal - het 'n roos gestaan."

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

"Wees jy, my lied, die urn van edelsteen
Waarin die kosb're as,
Wat eenmaal skoonheid was
Deur my nog steeds bewaak word en beween
Totdat die bittersoet geheuenis
Van diepe liefde en leed
Vergaan is en vergeet,
En wie die roos bemin het ..... nie meer is."

In "Visioen" staan hy soos 'n bedelaar voor die "Poort-van-duisend-smarte" en sien hy haar "op die groene Saal'ge Velde" en

"Alles kry 'n nuwe waarde
En hy is nie meer op aarde;
In 'n blou steries lig
Opwaarts styg hy na die sterre,
Tot hy, huiw'rend en van verre,
Skou die Algoedheids aangesig ! "

---

Dekker : Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, bls. 104.

In verband met hierdie gedig is dit interessant om op te merk dat die eerste strofe:

"Liewe Lettie, as jy speel
Rys voor my 'n droomkasteel
Waar jy troon as Koningin,
En jy wenk die Bedelaar
Aan die poort jou woning in," oorspronklik

aan Trudie de Villiers opgedra en dit toe "Liewe Trudie as jy speel ...... " gelui het. Ter geleentheid van haar verjaarsdag — sy was 'n musiek-onderwyseres — is dit aan haar gestuur en later is dit geheelenal verwerk en van toepassing op sy oorlede vrou gemaak .

Ook dink hy in dié tyd terug aan sy sorgelose studiejare wat hom in noue aanraking gebring het met lief Anita, cherie Yvonne, mooi Gretchen en bonnie Jean, maar dan moet hy maar weer erken dat

"Slegs eenmaal in die lewe kom
Die liefde weergaloos;
En eenmaal in die gaarde blom
Volmaak 'n wonderroos.
Verwelk, helaas, my tuin se prag —
Weg met die donker stroom —
Die wind deurwaai my hof by nag
En vind my met my droom."

En sy "Bede" is dit wanneer hy eendag aan die end van sy lewe kom

"......... lag en lied sooas weleer
'n Hemelhuis vir liefde maak
—Dit het ek reeds op aard' gemaak —
Skenk ons die liewe Aarde weer ! "

Die erns van die menslike bestaan wat in dié tyd so sterk aan die digter openbaar word, het soms oor na 'n weemoedige lewens-uitkyk soos bv., blyk uit "Die Donker stroom" waar hy op die gevaarlike afgrond van Twyfel staan :

"Ek wonder steeds of ons eendag,
Daar anderkant die donkerstroom,
Of ons sal weet en voel en lag,
En in die lange slaap nog droom."

Ook "Die Swarte Osse", statig is sy ritme en helder in sy beeld met die ietwat pessimistiese slotreëls, wat 'n mens aan Leipoldt laat dink, getuig van dié neerslagtige fase in die digter se lewe:

"Die jare kom, die jare gaan,
Al dieper my die groewe;
Gebroke is ek en gedaan,
Deur hulle sware hoewe."

Maar in "Stella Aeterna" kom hy weer op vaste geloofsgrond:

"Wel weet ek - waar sy ook mag wees -
Op sterrebaan, in lig-paleis,
Daar kom 'n blydskap oor die gees
'n Lig as van die Paradys."

Nooit word Visser sinies of bitter nie; hy openbaar 'n geheel ander persoonlikheid as die tragiese figuur van Eugène Marais, 'n man wat as't ware deur sy lewensmart oorrompel en tot 'n fatalis omskep is. Visser is diep geknak en hy moet ly, maar met sy blymoedige lewensuitkyk en innige godsdienssin, slaag hy nie alleen daarin om sy smart te oorkom nie, hy word ook daardeur gevorm en verryk en hy behou alleen die skone sublieme daarvan. Met die

hulde wat hy aan Lettie bring, kom hy tot berusting in die Wil van God: "Sy liefde en godsdiens word dikwels saamgevleg. Sy liefde word daardeur op die godsdienstige terrein oorgeplant, dit word na 'n hoër plein gevoer; dit word met die ewige verenig. En wie sal ontken dat daar in liefde nie iets ewigs is nie ?

Na sy volkome herstelling, keer daardie ou optimisme wat so eie is aan Visser weer terug tot hom. Dit is asof hy hom weer losgeruk het uit daardie groef waarin hy tydelik verval het: sy gesondheid het niks te wense oorgelaat nie en hy kon weer soos voorheen sy menigvuldige pligte nakom. "Ook hierdie beproewing was verby en Dokter was jonger as ooit." En met dit alles het ook weer 'n nuwe toenadering gekom tussen hom en Marie de Villiers; soos sy intieme vriend Stephen Eyssen vertel: "Ou Voorslag se trippelgang kon ek altyd uitken so teen die aand as Dokter op sy gesondheidsritjie was. Dikwels was hy nie alleen nie....... en Voorslag se ruiter was nou meesal 'n dame. Die lewe was vol en verjongd." Daarom kon hy uitroep :

"Driemaal welkom, awendspin
Hoop en moed bring jy weer in,
Goue strale van die dag
Glinster in jou fyne rag
Met die Vlinder van Geluk,
Awendbeeld van Môredruk.
Soet na lyding - stille rus;
Na verwyd'ring - welkomskus;
Soet na twyfel - hoop en moed.
Spin jou draad: Eind' goed, al goed ! "

---

Kritzinger: Letterkundige Kragte, bls. 97
Eyssen in "Die Kristelike Skoolblad", September 1929
Eyssen in "Die Kristelike Skoolblad", September 1929.

Weer is Marie die sentrale figuur van sy aanbidding en aan haar stuur hy 'n groet van die veld, "Salut D'Amour" met die byskrif: " Hier is die liedjie. Ek vrees ek het jou die aand verveel met my lieriese ontboeseminge. Dit was die maanlig natuurlik. Hierdie is singbaar op die melodie van die "Lorelei", heelmaal onbewus: Die twee vereistes vir 'n fees is eetlus en iets om te eet - soos die bok gesê het wat die wasgoed geëet het -. Die twee vereistes vir 'n liedjie is natuurlik die skryflus en iets om oor te skrywe." En agterop die afskrif wat hy aan haar stuur, haal hy die volgende Engelse vers aan wat pragtig van toepassing is op hulle eie omstandighede:

"Can we not weather the tempest together ? !
Dear Heart ? !....Dear Heart ? !
- - - - - - - - - - - - - - - - -
Lips that I pressed to my own
As I gazed at that exquisite form,
Gazed with a groan, ere I hastened alone
Into the breath of the storm !
Long, long ago !...... Still the winds blâw
How we have drifted apart !
I live with mother, and you....lâve another!
Dear Heart ! Dear Heart !! "

Maar nog wou sy haar nie volkome oorgee aan sy hartewens nie, en daarom is dit dat hy in "Die Donkie" en "Judas" 'n weerspieëling van sy eie geval bespeur:

"U sien, Mej. Marie, dat die skrywer 'n ernstige mens word.

,Dis hoog tyd ' — Natuurlik Mej. Marie !

Donkies en Judasse is ver verwyder van rose

---

} Op Ms. in besit van Mev. Gerdener

en liefde; nogtans hoop ek dat die versies u sal interesseer. Beide die dier en die arme man ( en miskien die skrywer ! ) het aanspraak op simpatie," want sy grootste ideaal was soos dit uitdrukking vind in

"Graag sou ek 'n Bolandse noointjie verplant
Waar ou Heidelberg hang aan die Suikerbosrand."

Weer laat ons vir Stephen Eyssen aan die woord: "Spoedig het nuwe verwikkelinge begin. Die lewe het 'n nuwe toekoms aan ons verjongde Dokter aangebied. Prins en Voorslag het dit help bewerkstellig, saam met die motorritte - sonder my en my vrou. Op 4 Julie 1927 kon die hartewens van Dr. Visser en Mej. Marie de Villiers bevredig word."

Ter geleentheid van diè heuglike gebeurtenis, kon sy vrien Dr. T.J. Haarhoff die volgende heilwense aan Visser stuur:

"Geagte Visser ! Jy wat vang
Die soet musiek van Helikon,
Die Humor uit die volksielbron
En weergee in bekoorlik' sang —
Is jy dan nou gevang, o Visser ?
Is die bekoorder ook bekoor ?
Gehoorsaam hy nou waar hy hoor
Die tongval van sy lot-beslisser ?
Mag so'n diens wees voller lewe !
Mag elke ketting wat jou boei,
Onkwellend jou geluk laat groei,
Laat bloei in Hemel nommer Sewe ! "

---

Op oorspronklike Ms.
Eyssen: Die Kristelike Skoolblad, September 1929
In besit van Mev. Gerdener.

Visser se groot ideaal kon eindelik verwesenlik word en daardeur bereik sy liefdesliriek ook die hoogtepunt, want al dadelik het hy gevoel dat hy "al sy wonder, sy geluk, in skoonheid, kleure in klanke" uitgedruk wou sien. Marie was op vakansie en toe hy haar met haar terugkoms by die stasie gaan afhaal, kon hy haar verras met die allermooiste gedig wat hy ooit geskryf het, die melodieuse en gevoelvolle "Purper Iris". Hierin vind ons, soos hy self verklaar het, die weerspieëling van sy liefdeslewe sedert sy kennismaking met Marie de Villiers in 1923. Soos in 'n Oosterse legende word die soektog na sy Liefde hier voor ons geestesoog ontvou :

"'n Prins was ek in Oosterland,
Waar hooggemaste skepe gaan
Van son-vergulde somerstrand,
Oor witgepluimde waterbaan,
Na wonderlande oor die see
Met weelde van die Paradys;
En seewaarts met die seewind mee
Het my verlange steeds gereis
Te soek gelyk 'n Heil'ge Graal
'n Droombeeld skoon - my ideaal.

---

Loop stadig perde van die nag;
Vertraag, o ure, julle gang;
Staan, sterre, staan in erewag;
'n Ewigheid is nie te lang
--,Tot dag breek en die skadu's vlug, --
As hoë liefde hoogty vier.

---

Besonderhede deur Mev. Gerdener verskaf.

Laag hang die rooi maan in die lug,
EN EK ONTWAAK EN VIND JOU HIER.
EN SKOU WEER IN DIE OË TROU
VAN MY AANBIDDING .......TOE EN NOU !

Visser se minnelirick is van die pragtigste in die Afrikaanse letterkunde. Die egtheid en waarheid van gevoel in sy liefdespoësie is veral opvallend. Ons leer nie alleen Visser, die digter nie, maar veral ook Visser, die mens, in sy liriek ken. Die feit dat hy kom in die werk waarin sy vroeggestorwe vrou die sentrale figuur is, nie oorgee aan weke sentimentaliteit nie, is bewys, nie alleen van sy berusting en selfbeheersing nie, maar ook van die egtheid van sy gevoel. Ons word onder die indruk gebring van sy diep en innige smart. Ook die minnepoësie met sy tweede vrou as inspirasie, getuig van waaragtige gevoel en innige liefde, hoewel sommige dan miskien 'n geur van sentimentaliteit dra. Dit is egter onder sy persoonlike liriek dat ons van Visser se allerbeste kunswerk aantref, verse wat gekenmerk word deur beeldrykheid, sangerigheid, opregtheid, maar bo alles, suiwer menslikheid.

# HOOFSTUK V.

## SLOTBESKOUING.

en

## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE.

## SLOTBESKOUING.

Die volksdigter, A.G. Visser, is geen uitgesproke "indiwidualis" nie, en daarom sal ons nie by hom soos wel die geval met ons moderne digters is, één gedig vind wat feitlik al sy eienskappe as digter insluit nie. Die veelsydige aard van sy werk eis dat ons moet kennismaak met al sy verse, en dan alleen kan ons 'n volledige beeld van die wese en betekenis van sy kuns vorm. Ten spyte van die feit dat daar slegs vier bundeltjies van hom die lig gesien het, kon ons 'n groot aantal strominge in sy digwerk herken, en dié het ons dan ook probeer volg en illustreer.

Weens sy grondige kennis van die mens in al sy wisselende stemminge, het hy die lieflingsdigter van ons Afrikaanse volk geword: hy wat kon meeleef met die Afrikaner in sy leed en in sy vreugde, wat ernstig kon wees as dit nodig was, wat die liefde kon vereer en verheerlik, wat die humorsin en opgeruimdheid van sy volk aangevoel en vertolk het soos geen ander dit kon doen nie. Visser, die liefling van ons Afrikaanse jeug omdat hy in sy siel een van hulle was en hulle kon laat lag en saam lag, ja, selfs saam huil. Hy was 'n meester in woordkeus en spontaneïteit van segging, fyn satire op die belaglike in sy gemeenskap, iemand wat, hoewel hy nie in poëtiese uitbeelding gespesialiseer het nie, tog heeltemal onwillekeurig getoon het dat hy oor 'n ryk en beeldende, al was dit dan soms onoorspronklike taal, beskik.

Van hom het ons geen "Vlakte" met sy hooggeprese eenheid van vorm en inhoud, ritme en klank, geen slampamperliedjies, of geen naïewe persoonlike leeduitinge soos dié van Totius, gekry nie. Maar sal ons hom daardeur as van tweederangse betekenis vir ons poësie en kultuur beskou? Nee, hy verdien 'n ereplek onder ons digters van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Wat is per slot van rekening die waarde van poësie as dit in die wolke van verhewenheid bly hang waar die intelligentsia, die uitverkorenes dit alleen kan waardeer en geniet? Visser het vir ons volk geskryf en sy werk is geen prulwerk nie; die volksoordeel, die meerderheid, het aan hom 'n ereplek toegeken en geen mens het die reg om hom dit te ontneem of te misgun nie. Sy werk sal bly leef onder ons al word dit soms jammerlik afgeskeep.

So neem ons dan afskeid "By die graf van A.G.Visser", en saam met C.M. van den Heever wil ons hulde bring aan dié te vroeg ontslape volks-

digter wat deur Suid-Afrika beswaarlik gemis kan word:

"Sanger wat slaap langs die Suikerbosrand,
blink is die dag en die tortelduif kla!
Waar is die lief en die liefde van gister?
Sanger hy bly na jou jubeling vra,
Net soos die bome wat ruisende ween!
Waar is die sanger van liefde dan heen?

Sanger wat slaap langs die Suikerbosrand,
hier langs die Moedertjie, Roos van jou hof,
almal wat nader die tuin van jul vrede,
buig ook in ootmoed soos jy in jou lof,
Sanger, wat huiw'rend van smarte moes vra!
Waarom my skoonheid na die Aarde gedra?

Sanger wat slaap langs die Suikerbosrand,
jy en die Moedertjie ewig nou een,
een in die dood en rustend in skoonheid,
al is die tuin en die drome nou heen.
Sanger, O Sanger, so blink is die dag
waar is die Lied wat ons almal op wag?" *

---

* "Ons Tydskrif", Maart 1935.

# LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE.


Boshoff, S.P.E. : Beskouinge en Feite.

Dekker, Dr. G. : Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.

D'Olivera : De Jongere Generatie.

Gielen, Dr. Jos. J. : Handleiding bij de studie der Nederlandse Letterkunde.

Haarhoff, Prof. T.J. : Afrikaans, its Origin and Development.

Haarhoff, Prof. T.J. : Inleiding tot "Die Purper Iris."

Heever, C.M. van den : Die Afrikaanse Gedagte.

Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring, 1936.

Kritzinger, M.S.B. : Letterkundige Kragte.

Kritzinger, M.S.B. : Oor Skrywers en Boeke.

Malherbe, Dr. F.E.J. : Humor in die algemeen en sy uiting in die Afrikaanse Letterkunde.

Marais, Eugène : In Memoriam voor "Gedigte."

Methuen : An Anthology of Modern Verse.

Niekerk, Dr. Lydia van : De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en letterkundige Voortbrengselen.

Pienaar, Dr. E.C. : Taal en Poësie van die tweede Afrikaanse Taalbeweging.

Poelhekke, M.A.P.C. : Lyriek.

Poelhekke, M.A.P.C. : Woordkunst.

Poësie van A.C.W. Staring.

Reitz, F.W. : Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse Gedigte.

Rijnsdorp, C. : Ter Zijde.

Röhl, Hans : Geschichte der deutschen Dichtung.

Scheltema, C.S.Adama van : De Grondslagen eener Nieuwe Poësie.

Schoonees en van Bruggen : Inleiding tot die Studie van Letterkunde.

Talvj : Der Volkslieder germanischer Nationen.

Totius : Passieblomme.

Toit, Dr. S.J. du : Suid-Afrikaanse Volkspoësie.

Tydskrifte :

Cape Times, 1 Desember 1927.

Die Nuwe Brandwag, Deel 1, No. 3, Aug. 1929.

Die Brandwag, 6 Mei 1938.

Die Huisgenoot, 1 Desember 1933.

Die Huisgenoot, 21 Junie 1929.

Tydskrifte (vervolg) :

Die Huisgenoot, 5 Junie 1936.

Die Huisgenoot, 20 November 1936.

Die Kristelike Skoolblad, September 1929.

Ons Eie Boek, Jan. - Maart 1936.

Tijdschrift voor Taal en Letteren, 21 Jaarg. 1931.

Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Des. 1930.

Ons Tydskrif, Februarie 1934.

Ons Tydskrif, Maart 1935.

Vermeylen, August : Van Gezelle tot Heden.

Clercq, René de : Enige Gedigte.

Heine, Heinrich : Enige Gedigte.

Louw, N.P. van Wyk : Enige Gedigte.

Scheltema, Adama van : Enige Gedigte.

Brief van Dr. D.F. Malherbe aan my.

Private briewe en adresse in besit van Mev. Gerdener.

Afsonderlike Manuskripte.

"Gedigte".

"Rose van Herinnering".

"Die Purper Iris".

"Uit Ons Brille Jeug".